IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

A

SAAKNOMMER: CC 482/85 | PRETORIA

1988-02-25

DIE STAAT teen: PATRICK MABUYA BALEKA EN 21 ANDER

VOOR: SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST EN ASSESSOR : MNR. W.F. KRUGEL

NAMENS DIE STAAT: ADV. P.B. JACOBS
ADV. P. FICK
ADV. W. HANEKOM

NAMENS DIE VERDEDIGING: ADV. A. CHASKALSON
ADV. G. BIZOS
ADV. K. TIP
ADV. Z.M. YACOOB
ADV. G.J. MARCUS

TOLK: MNR. B.S.N. SKOSANA

KLAGTE: (SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)

PLEIT: AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG

--------------------

KONTRAKTEURS: LUBBE OPNAMES

--------------------

VOLUME 353

(Bladsye 20 160 - 20 269)

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

COURT RESUMES ON 25 FEBRUARY 1988.

COURT : Before we start, I would like to make a statement. Yesterday it was announced in the press and on television that the United Democratic Front and sixteen other bodies had been severely restricted in terms of the emergency regulations. Some of the accused are or were members of some of these associations. It should be stated explicitly that we presume that that action was taken by the government on information pertaining to the present, I repeat present state of affairs in our country. The case against the accused before this court pertains to actions and statements falling within the indictment. The period we are concerned with ends in July 1985. It should therefore be clearly understood that the present action by the government and any statements in support thereof or statements that criticise that action can and will in no way influence the outcome of this case.

MR BIZOS : We are indebted to your lordship for this statement.

DENNIS VICTOR BLOEM, v.o.e.

VERDERE ONDERVRAGING DEUR MNR. BIZOS : Mnr. Bloem, u was gister besig om te getuig oor die begrafnis van 18 Februarie 1985? -- Dit is korrek.

Sy edele en die geleerde assessor weet dat daar ten minste twee ander begrafnisse was gedurende Februariemaand van dieselfde jaar? -- Dit is korrek.

Was mnr. Lekota teenwoordig by enige ander begrafnis behalwe dié een van 18 Februarie? -- Nee, mnr. Lekota was nie. teenwoordig op enige ander begrafnis nie.

U het verduidelik wat gebeur het by die begraafplaas. Wat het u toe gedoen? -- Nadat die traangas geskiet was,

het/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

het ons in verskillende rigtings gehardloop die bos in en ek het na die huis van die oorledene gehardloop.

As ŉ groep? -- Ek het alleen daarna gehardloop.

En toe? -- Toe ek by die huis aankom het ek vir mnr. Lekota daar gekry.

Wat gebeur toe? -- Terwyl ons daar staan het ŉ hippo daar aangekom.

Gaan aan, asseblief? -- ŉ Paar van die "riot squad" polisie het uitgeklim en gesê "Hier is nog ander twee met UDF T-hempies aan.

Na wie het hulle verwys? -- Hulle het na my en mnr. Lekota gewys.

Wat gebeur toe? -- Hulle het ons geneem en in die hippo ingelaai en ons na die Seeisoville polisiestasie geneem.

En toe? -- Toe ons by die polisiestasie kom het kolonel Koen ons in die agterplaas van die polisiestasie ontmoet met ander polisie in uniform en in privaat klere.

Wat sê die kolonel toe? -- Kolonel Koen het ons gevra wat kom maak ons daar.

HOF : U bedoel by die polisiestasie of op die begrafnis? -- By die polisiestasie en mnr. Lekota het geantwoord ons weet nie waarom die polisie ons daarheen gebring het nie.

MR BIZOS : En toe? -- Hy het toe ons name gevra, dat ons onsself moet voorstel. Ek het my naam aan hom gegee. Mnr. Lekota het sy naam aan hom gegee en toe sê hy "O, ja, jy, mnr. Lekota het mos weggehardloop. Ons soek jou lankal vir die saak van Parys. Jy moet getuienis gaan lewer in ŉ saak in Parys.

Was die kolonel in u geïnteresseerd? -- Die kolonel het vir my - laat ek eers stap vir stap verduidelik nadat die

kolonel/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

kolonel vir ons gesê het - vir mnr. Lekota dit gesê het, het hy vir majoor Voigt aanbeveel om vir mnr. Lekota aan te hou totdat die saak verby is van Parys.

En wat van jou? -- En hulle het vir mnr. Lekota ingeneem in hulle kantore en vir my gesê ek moet onmiddellik die polisiestasie verlaat. Ek het toe die polisiestasie verlaat en teruggekeer na die oorledene se huis.

Het die kolonel aan u gesê dat u iets verkeerd gedoen het of skuldig was aan een of ander onwettige daad? -- Nee, die kolonel het vir my niks gesê nie. Hy het net vir my gesê ek moet onmiddellik die polisiestasie verlaat.

Wat sê u in verband met die getuienis van mnr. Branders? Ken jy hom? -- Ja, ek ken hom baie goed.

Hy sê Lekota was nie daar op die 18de nie, maar op die 21ste? -- Nee, ek stem nie saam nie. Mnr. Lekota was nie op die 21ste in Kroonstad nie.

En hy sê ook dat op die begrafnis wat mnr. Lekota bygewoon het, hy, Lekota en jy het die polisie met klippe gegooi? -- Dit is die eerste keer dat ek vandag hoor dat ek die polisie met klippe gegooi het.

Het u die begrafnis van 21 Februarie 1985 bygewoon? -- Ja, ek het die begrafnis bygewoon van die 21ste.

Wie was op die 21ste begrawe? -- As ek mooi onthou was dit Andrew Makhoko.

HOF : Was dit 'n jong of 'n ou persoon? -- Hy was 'n jong man.

MNR. BIZOS : Wat het sy dood veroorsaak? Weet u uit u eie kennis? -- Ek het verneem dat die polisie hom ook doodgeskiet het.

Wanneer is hy doodgeskiet volgens die inligting wat u gehad het? -- Volgens die inligting wat ek gehad het, was

hy/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

hy - ek is nie seker nie, gedurende die begrafnis, na die begrafnis van die eerste begrafnis van Matches, Joseph Matches dood.

HOF : Op dieselfde dag? -- Ja, ek is nie honderd persent seker nie. Dit is inligting wat ek gekry het.

MR BIZOS : Was u by die begrafnis betrokke? -- Ja, ek was teenwoordig by die begrafnis.

Het u enige spesiale pligte uitgevoer? -- Ja, die ouers van die oorledene, die Makhoko gesin het my weer genader vir hulp. Daarom het ek betrokke geraak by die begrafnis.

Vir watter soort hulp is u gevra? -- Hulle het my weer eens gevra om al die benodigdhede wat hulle nodig gaan kry by die begrafnis - dat ek hulp verleen daarmee. Soos die kos en die kis.

Was u die enigste persoon wat hierdie soort hulp verleen het? -- Ja, ek neem aan dat ek die enigste persoon was. Ek het van winkel tot winkel weer gegaan om die benodigdhede in te samel.

Het die landdros enige voorwaardes uitgereik in verband met die begrafnis? -- Ja, die landdros het weer eens reëls en regulasies voorgeskryf vir die begrafnis.

Kan u onthou kortliks wat hulle was? -- Ja, as ek reg onthou mag die kis nie gedra word van die huis na die begraafplaas nie. Dit moet in 'n motorvoertuig vervoer word. Dat die begrafnis twee ure moet duur en dat daar geen vryheidsliedere gesing moet word tydens die begrafnis nie.

Hoe laat was u by enige deel van die begrafnis op die oggend van die 21ste? -- Toe die begrafnis begin het was ek teenwoordig.

Waar het dit begin? -- By die huis van die oorledene.

Wat/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Wat het daar gebeur? -- Ek het daar aangekom en die predikant daar ontmoet. Een van die familielede het vir my die reëls en regulasies gegee wat die landdros vir die familie gegee het en ek het dit voorgelees aan die begrafnisgangers en die predikant het dit vertolk aan die begrafnisgangers.

Het die mense die huis verlaat na die begraafplaas? -- Die predikant het eers 'n gebed opgesê en daarna was gesing en die predikant het die mense versoek om te beweeg na die begrafnis, die begraafplaas.

Was daar 'n groot aantal mense daar op die begrafnis? -- Ja, daar was 'n groot aantal mense op hierdie begrafnis.

In vergelyking met die vorige een van die 18de, meer of minder? -- Ek sal sê dit is dieselfde getal mense, min of meer dieselfde getal mense.

Hoe het die mense vanaf die huis na die begraafplaas beweeg? -- Die mense het per voertuig gegaan en ander het te voet gestap na die begraafplaas.

Uself, hoe het u daarheen gegaan? -- Ek het te voet gestap na die begraafplaas.

Hoe was u hierdie keer gekleed? -- Ek was in 'n geel UDF T-hempie gekleed.

Het die mense gesing begraafplaas toe? -- Ja, sover ek onthou het die mense gesing na die begraafplaas toe.

Wat het hulle gesing? -- Hulle het Senzeni na gesing.

Het u die hele pad gestap of het u van plan verander? -- Die huis van die oorledene is 'n baie lang distansie, 'n ver distansie vanaf die begraafplaas en ek het moeg geword tussenin en al die karre was vol. Ek was voor aan die voorkant van die begrafnis. Ek het besluit om op die linkerkantste voorkant van die lykswa te sit.

Is/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Is dit hoe u by die begraafplaas gekom het? -- Dit is hoe ek by die begraafplaas gekom het.

Wat het by die begraafplaas gebeur? -- By die begraafplaas het die predikant weer eens gepraat en gelees uit die Bybel uit en daarna gebid. Die familie het my gevra om weer eens as voorsitter op te tree by die begrafnis en nadat die predikant gepraat het, het ek een van die familielede gevra om die bedankings te doen. Nadat hy die bedankings gedoen het, het ek gesê dat ons uitmekaar moet gaan. Ons is nou klaar, toe die gat klaar toegegooi is.

Was julle klaar binne of buite die tydsbeperking wat die landdros opgelê het? -- Ons was binne die tydsbeperking wat die landdros opgelê het.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Die tydsbeperking, van wanneer tot wanneer geld dit? Geld dit vandat die stoet byvoorbeeld die huis verlaat totdat die mense weer by die begraafplaas uiteen gaan? -- Dit is reg.

Is dit die tyd? -- Dit is die tyd.

En dit is twee uur? -- Dit is twee uur.

MNR. BIZOS : Wat gebeur toe? -- Nadat ons klaar was het ons uitbeweeg uit die begraafplaas uit en by die ingang na die lokasie het die polisie begin traangas skiet op die begrafnisgangers.

HOF : Lê die begraafplaas, die kerkhof, teenaan die lokasie of nie? Is daar 'n stuk oop veld tussenin? -- Daar is 'n stuk oop veld tussen die begraafplaas en die lokasie.

MNR. BIZOS : Wat is die afstand tussen die twee, die begraafplaas en die lokasie? -- Ek kan nie met sekerheid sê nie, maar as ek moet skat is dit omtrent vyf- tot agthonderd meter.

Volgens u waarnemings, was daar enige rede waarom

traangas/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

traangas gebruik moes word? -- Nee, ek het nie glad nie rede gesien waarom die polisie traangas moes gebruik het nie.

Dit is net voor die oomblik wat u nou beskryf dat mnr. Branders sê u en mnr. Lekota het die polisie met klippe gegooi? -- Nee, ek stem nie daarmee saam nie.

U sê mnr. Lekota was nie eers daar nie? -- Mnr. Lekota was nie daar nie.

Het u by die oorledene se huis gekom? -- Ja, ek het aangekom by die oorledene se huis.

En wat gebeur daar? -- Ons het ons hande gaan was, ek het my hande gaan was en 'n bord in my hande geneem om te eet. 'n Leë bord en in 'n ry gaan staan soos die ander mense. Ek het opgelet dat die polisie hippo's in die agterstraat van die huis beweeg.

Gaan maar aan, asseblief. -- Traangas was weer geskiet tydens die mense - party was besig om te eet en ons het nog in die ry gestaan om kos te kry en traangas was geskiet. Ons het uitmekaar gehardloop. Ek het in 'n huis ingehardloop nie ver van die oorledene se huis nie en ek het opgelet dat die polisie uit die hippo's klim en mense met sambokke slaan. Van die polisie het ek opgemerk in die jaart in van die oorledene waar die begrafnis was. Gewoonlik maak ons buite vuur. Daar is potte wat buite gekook word en van die polisie het die potte omgeskop en mense het in verskillende rigtings gehardloop.

Is u of die ouers van die oorledene of enige ander persoon gevra voor die traangas gebruik was wat soek julle daar of gevra om weg te gaan? Was daar enige vrae aan u gestel? -- Nee, daar was geen vrae gestel nie. Die polisie het ons nie genader of die familie genader nie. Daar was

net/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

net aksie geneem.

Het u terug na die huis van die oorledene gegaan? -- Ja, ek het teruggekeer na die huis van die oorledene.

Wat gebeur toe? -- Die familie van die oorledene was baie ongelukkig teenoor die aksie wat die polisie geneem het en ek het simpatie aan hulle betoon.

Het u gesien of gehoor of daar skade aan enige eiendom of enige ander oproerige optrede plaasgevind het later die dag? -- Nee, ek het van geen oproerige optrede gehoor later die dag nie.

Weet u of enige persoon geskiet was later die dag? -- Ja, ek het teruggekeer huis toe, na my winkel toe en laat dieselfde nag het ek gehoor dat een jong seun weer eens doodgeskiet is deur die polisie.

Kan u sy naam onthou? -- Ja, ek kan dit onthou. Dit is Rent Wolf.

Volgens die inligting wat u gekry het, waar was hy doodgeskiet? -- Volgens die inligting wat ek gekry het, was dit toe ons teruggekeer het van die begraafplaas af en naby die huis van die oorledene is hy doodgeskiet.

Is hy op 27 Februarie 1985 begrawe? -- Dit is korrek.

Was u weer betrokke by die begrafnis? -- Ek was weer betrokke by die begrafnis.

Hoe het dit gekom dat u betrokke geraak het? -- Soos die twee vorige begrafnisse het die ouers weer eens na my toe gekom om hulp te vra dat ek moet help met die begrafnis.

En het u ingestem? -- Ja, ek het ingestem.

Sal u vir ons kortliks sê wat by die begrafnis gebeur het? -- Op die 27ste het ons almal weer by die huis van die oorledene - ek het vroeg daar aangekom en die ouers het

my/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

my weer die reëls en regulasies van die landdros gewys. Ek het dit deurgegaan en die ouers het my gevra om dit te verduidelik aan die begrafnisgangers. Op daardie stadium het die predikant van die Presbiteriaanse Kerk ook daar opgedaag en ek het vir hom gesê dat ek 'n probleem het met Sotho, sal hy dit nie asseblief net vertolk in Sotho nadat ek dit gelees het nie. Ons het toe begin met die begrafnisdiens.

Is enige verversings of enige kos aan die mense verskaf die oggend? -- Ja, die ouers het ook besluit tydens ek en die predikant daar was, dat die begrafnisgangers moet liewers eet voordat ons begrafnis toe beweeg en voordat die diens begin, want die rede is dat kos vermors word. Daarom moet ons maar eers eet en dan begrafnis toe gaan.

Na wat het die mense verwys toe hulle gesê het dat die kos vermors word? -- Hulle het verwys na die begrafnis van Andrew Makhoko waar die polisie die potte omgeskop het en die mense het nie geëet nie. Die mense was geslaan tydens hulle besig was om te eet, tydens hulle besig was om in 'n lyn te staan.

Nadat die mense geëet het, wat het toe gebeur? -- Nadat die mense klaar geëet het, het ons toe begin - het die predikant begin met sy diens by die huis.

En na die diens? -- Na hy gebid het, het ek die reëls en regulasies voorgelees aan die begrafnisgangers. Die predikant het dit vertolk in Sotho aan die begrafnisgangers.

Was daar weer 'n tydsbeperking? -- Daar was weer 'n tydsbeperking. Dit was soos dieselfde tydsbeperkings.

HOF : Dieselfde bepalings soos die vorige bevel? -- Dit is reg, ja.

MNR. BIZOS : Hoe het die mense na die begraafplaas toe

beweeg/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

beweeg? -- Ons het weer eens - mense het per motor en ander te voet begraafplaas toe gegaan.

En by die begraafplaas is enige toesprake gemaak? -- By hierdie begrafnis het ons besluit dat ons baie, baie kort moet wees, aangesien ons die eerste twee begrafnisse in ons tydsbeperking nagekom het, maar die polisie het aksie geneem. Toe het ons besluit dat ons baie,baie vinnig hierdie persoon moet begrawe.

Kan u onthou hoe lank dit geneem het vanaf die tyd wat u die oorledene se mense se huis verlaat het tot u klaar was by die begraafplaas? -- As ek mooi onthou was dit ŉ uur en vyftien tot twintig minute. ŉ Uur en twintig minute het ons geneem om die begrafnis klaar te kry.

En toe julle by die begraafplaas klaar was, wat het toe gebeur? -- Toe ons by die begraafplaas klaar is, het ek die mense weer gesê dat ons nou maar moet loop, ons het baie tyd, want ons wil nie hê dat die polisie weer moet optree soos hulle by die twee vorige begrafnisse opgetree het nie en die mense het uitbeweeg uit die begraafplaas uit.

Het enige deel van die mense teruggekeer na die oorledene se huis toe? -- Nee, daar het nie mense teruggekeer na die oorledene se huis nie. ŉ Paar het teruggekeer om net hande te was, maar die meerderheid het nie teruggekeer nie.

Hoeveel mense was by dié begrafnis in vergelyking met die vorige twee? -- Ek kan sê dit was min of meer weer dieselfde getal mense.

Het u persoonlik teruggekeer na die oorledene se huis na die begrafnis? -- Ja, ek het teruggekeer na die oorledene se huis want ek het die oorledene se ma in my kar gehad.

Wat gebeur toe by die huis? -- Toe ons by die huis

aankom/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

aankom was alles vreedsaam vir ŉ paar minute en daarna was daar traangas geskiet.

Het iemand u of enige persoon by die huis genader om enigiets te sê of te vra voor die traangas gebruik was? -- Nee, niemand het ons genader, vir my of die ouers van die oorledene nie.

Was daar enige mense by die huis of in die nabyheid van die huis wat op ŉ oproerige manier opgetree het? -- Nee, daar was glad nie mense wat oproerig opgetree het nie.

Dra u persoonlike kennis of het u enige inligting gekry of daar enige skade gedoen is gedurende die aand van 27 Februarie 1985? -- Persoonlike kennis het ek niks daarvan geweet van enige geweld of enige skade wat in die lokasie gebeur het nie.

Het u gehoor? -- Ja, ek het gehoor die volgende oggend, dit is 28 Februarie dat daar huise van die polisie en motor-voertuie gebrand is.

Is u die eienaar of besit u ŉ wit Audi motor? -- Nee, ek besit nie ŉ wit Audi motor nie.

Kan u onthou of daar ŉ Audi motor by die begrafnis van die 27ste by die begraafplaas was of nie? -- Ja, as ek mooi onthou was daar ŉ romerige kleur Audi van ŉ "television company" met ŉ Transvaal registrasienommer teenwoordig by die begrafnis van die 27ste.

Dit word beweer dat petrolbomme in die kattebak van die Audi was wat uitgegee is by die begraafplaas gedurende die begrafnis. Wat sê u daarvan? -- Ek dra geen kennis van petrol-bomme wat uitgegee is uit ŉ Audi bak uit nie en ek het nog nooit ŉ petrolbom by die begrafnis gesien nie.

Die mense wat van die televisiemaatskappy was, het

hulle/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

hulle - kan u onthou of hulle enigiets van die kattebak van die Audi geneem het of nie? -- Ja, voor die begrafnis begin het toe ons by die begraafplaas was, het hulle hulle kameras uitgehaal uit die kattebak, as ek mooi onthou.

HOF : Het hulle hulle aan u voorgestel die mense? Het hulle met u gepraat? Die televisiemense? -- Ja, by die begraafplaas self.

MNR. BIZOS : Het hulle hulle kameras daar gebruik? -- Ja, hulle het hulle kameras daar gebruik.

U het vir ons gesê dat u was aangehou volgens die bepalings van artikel 29 van die veiligheidswet? -- Dit is korrek.

Kan u die datum onthou toe u aangehou was?

HOF : Het ons dit nie al gehad nie? Hy was by ses geleenthede aangehou. Die eerste keer vir ses maande, toe ŉ aantal maande, veertien dae onder artikel 29 en toe vir ŉ jaar en ŉ paar dae.

MNR. BIZOS : Kan jy die datum onthou toe u aangehou was?

HOF : Die eerste keer?

MNR. BIZOS : Die eerste keer? -- Dit was 28 Februarie.

Is u ondervra gedurende die tydperk wat u in aanhouding was? -- Ja, ek was verskeie kere ondervra. Ek was eers aangehou vir drie maande in Kroonstad en daarna verplaas na Groenpunt Gevangenis.

Waar is Groenpunt? -- Ek dink Groenpunt is tussen Vereeniging en Sasolburg.

Wie het u ondervra aan die begin van u aanhouding? -- Aan die begin van die aanhouding het adjudant Landman van Welkom van die veiligheidstak my ondervra.

En daarna, het enige ander persoon u ondervra? --

Tydens/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Tydens ek in Groenpunt Gevangenis was, het kaptein Heystek wat gestasioneer is op Kroonstad met 'n kaptein Kruger by my opgedaag in Groenpunt.

Sê asseblief vir die hof wat gebeur het toe mnr. Kruger by u gekom het? -- Kaptein Heystek vir kaptein Kruger aan my voorgestel en vir my gesê dat dit 'n kaptein was van, ek is nie seker nie, Vereeniging of Krugersdorp. Kaptein Heystek het uit die kantoor uit beweeg en vir my en kaptein Kruger alleen daar gelos. Kaptein Kruger het vir my gesê dat ek is nou lank in aanhouding, wil ek nie huis toe gaan nie? Ek het vir hom gesê enige persoon sal daarvan hou om by sy gesin te wees. Hy het vir my gesê dat ek onmiddellik kan huis toe gaan as ek net saam werk. Ek het geantwoord dat ek in my hele aanhouding saam werk. Wat bedoel hy met saam werk. Toe sê hy vir my dat as ek staatsgetuie kan word teen mnr. Lekota dan sal hulle my onmiddellik vrylaat. Ek het vir kaptein Kruger gevra wat moet ek praat van mnr. Lekota en kaptein Kruger het vir my gesê dit is nie 'n probleem nie. Ek het gevra hoe is dit nie 'n probleem nie. Hy het vir my gesê dat hy 'n verklaring vir my sal voorberei en dat ek in die hof net moet gaan praat wat in daardie verklaring is.

Het u hom 'n antwoord gegee? -- Ek het hom 'n antwoord gegee. Ek het gesê nee, kaptein, ek weier om te gaan getuienis aflewer wat ek nie teen 'n persoon het nie. Kaptein Kruger het verder vir my gevra of ek bang is om te gaan getuig teen mnr. Lekota. Ek het gesê nee, ek is nie bang nie. As mnr. Lekota iets gedoen het sal ek praat wat hy gedoen het, maar ek het niks om te praat van mnr. Lekota nie. Hy het verder aangegaan en vir my gesê dat ek <u>in camera</u> sal getuig, niemand sal my sien nie. Ek hoef nie bang te wees nie.

Ek/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Ek het weer eens geweier om getuienis te gaan aflê.

Het hy enige aanduiding aan u gegee wat in die verklaring sou wees wat hy vir u voorberei het?--- Nee, kaptein Kruger het niks vir my gesê van wat in die verklaring sou staan nie.

Toe u geweier het om sy voorstel te aanvaar, wat het hy gesê? -- Kaptein Kruger het vir my gesê ek wil nie saam werk nie, ek wil nie getuienis gaan lewer teen mnr. Lekota nie. Ek sal langer in aanhouding bly as wat ek gedink het.

Het u enige kennis van enige onwettige daad wat mnr. Lekota gepleeg het? -- Ek wil met alle eerlikheid sê dat ek van niks weet van enige onwettige daad wat mnr. Lekota gepleeg het nie.

Vir hoe lank was u in aanhouding toe kaptein Kruger na u gekom het? -- Ek was vyf maande in aanhouding.

En vir hoe lank daarna is u in aanhouding gehou?

HOF : Een maand.

MNR. BIZOS : Een maand? -- Ja, tot Augustus, die 19de.

Is u weer genader, is u enige verdere vrae gevra gedurende die tydperk van ongeveer 'n maand? -- Nee, ek is nie weer genader nie, nadat kaptein Kruger by my weg is.

Toe u ondervra was deur speurders anders as kaptein Kruger, is u antwoorde neergeskryf? -- Ja, my antwoorde was altyd neergeskryf as hulle my ondervra. Adjudant Landman het altyd my vrae neergeskryf.

Vrae en antwoorde? -- Nee, antwoorde neergeskryf.

Is u gevra om u antwoorde te teken? -- Ja, op 'n stadium, dit was op Kroonstad, het adjudant Landman my ondervra en voor hy begin skryf het, het ek vir adjudant Landman gevra of dit 'n verklaring is wat hy van my af neem. Toe sê adjudant Landman nee, dit is nie 'n verklaring nie. Dit is net vrae

wat/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

wat aan my gestel word en nadat hy klaar was, nadat ons klaar was, het hy in 'n ander kantoor ingegaan na kaptein Heystek se kantoor. Hulle het my geroep van die een kantoor na kaptein Heystek se kantoor en vir my gesê dat ek moet lees wat daar op daardie verklaring geskryf is. Ek het vir kaptein Heystek geantwoord ek het geen verklaring gemaak nie. Dit was vrae wat ek geantwoord het en kaptein Heystek het gesê dat ek dit moet teken. Ek het vir hom gesê dat ek gaan dit nie teken nie, ek weier om dit te teken. Kaptein Heystek het my tyd gegee. Hy het my drie minute gegee om te besluit of ek dit wil teken of nie. Ek het geweier om dit te teken.

Waarom? -- Dit was nie aan my vertel dat ek 'n verklaring aflê nie.

<u>HOF</u> : Wel, het u gelees wat hulle u gevra het om te teken? -- Ek het ook nie gelees nie.

Dit kon dalk alles in ooreenstemming met u antwoorde gewees het? -- Ja, ek stem saam.

<u>MNR. BIZOS</u> : Is kaptein Kruger hier in die hof? Sien u hom? -- Ja, ek sien vir kaptein Kruger.

Dit is die persoon wat hier agter sit? -- Ja.

<u>KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS</u> : Kom ons begin eers maar by die begrafnisse. Op die begrafnis van 18 Februarie 1985, was daar 'n lykswa? -- Die lykswa het laat opgedaag.

Het hy opgedaag? -- Hy het laat opgedaag.

Maar wat bedoel u nou met laat opgedaag? Was die mense al weg na die graf toe gewees toe dit opgedaag het of het dit opgedaag? Ek vra vir jou het dit opgedaag? -- Die lykswa het opgedaag terwyl ons klaar op pad was begrafnis toe. Begraafplaas toe.

Waar het julle die lykswa raakgeloop? -- Waar het ons?

Die/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Die lykswa gekry? Waar was julle gewees toe die lykswa daar gekom het? -- Ek dink dit was in die middel van die huis van die oorledene en die begraafplaas.

HOF : Het die lykswa toe van agter af probeer vorentoe kom of hoe het hy by julle uitgekom, want ek neem aan die pad was vol mense? -- Ek het opgemerk dat die lykswa van ŉ ander rigting af kom, van ŉ sypad.

Van die kant af? -- Van die kant af.

By die voorpunt van die stoet? -- Nie by die voorpunt nie, in die middel.

In die middel van die stoet ook? -- Ja.

MNR. JACOBS : Het jy met die lykswabestuurder gepraat? -- Nee, ek het niks met hom gepraat nie.

Maar hoe weet jy dit is die lykswa wat na julle stoet toe gekom het wat hier van ŉ sykant af kom, wat gestop het neem ek aan en gewag het vir die mense om verby te gaan. Hoe het jy geweet dit is julle lykswa? -- Ek weet omrede ek gereël het met die ouers van die oorledene by watter begrafnisondernemers ons ŉ lykswa bespreek het.

O, jy het selfs dit ook gereël, die bespreking van die lykswa? -- Ja.

Het daardie begrafnisondernemers net een lykswa? -- Hulle het twee lykswaens.

Hoe weet jy hierdie een was vir julle bedoel gewees? -- Die een was buite werking op daardie tydstip.

Wat het van die lykswa geword? Het hy net daar gestop dat die stoet maar verbygaan of wat het van hom geword? -- Die lykswa het teruggekeer. Ons het hom nie weer gesien nie.

Het hy omgedraai daar? -- Ek weet nou nie of hy omgedraai het daar nie, maar ons het hom toe nie weer gesien nie.

Hoe/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Hoe kan jy dan nou sê hy het teruggekeer? -- Want ek het hom nie gesien nie.

Maar dit is wat ek vir jou vra. Hoe kan jy sê hy het teruggekeer? -- Want ek het dit nie weer gesien nie. Ek neem aan dat hy teruggekeer het.

Jy weet nie of hy na ŉ ander begrafnis of na ŉ ander plek toe is nie? -- Ek antwoord so omrede ek hom nie weer gesien het nie.

Het hy daar stil gestaan en gewag dat die stoet verby moet gaan? -- Ja, hy het stil gestaan daarso.

Is dit terwyl die middel van die hele stoet, dit is die mense wat geloop het en dié wat in die karre gery het omtrent in die middel was daar, regoor hom? -- Ek sal so sê, ja.

Was jy dan nie aan die voorpunt van hierdie stoet gewees nie? -- Ek was nie by die voorpunt van die stoet nie.

Hoekom? -- Ek het beweeg in my kar.

Het jy in jou kar gery? -- Ja.

Het daarso geen lykswa saam met hierdie stoet beweeg van die huis af tot by die kerkhof nie, die begraafplaas? -- Geen ander lykswa nie. Die kis was vervoer in ŉ oop bakkie.

Wie se bakkie is dit? -- Die bakkie is myne.

Wanneer het die bakkie daar gekom by die huis? -- Die bakkie het ek aan die familie van die oorledene ŉ paar dae voor die tyd geleen.

Hoe het dit dan gekom dat julle hierdie bakkie gebruik het? -- Ons was bekommerd oor die tyd wat aan ons voorgesê was dat ons binne twee ure alles moet klaar maak.

Hoe lank het julle vir die lykswa gewag? -- Ons kon omtrent tien tot vyftien minute gewag het terwyl die diens besig was.

Ag nee, hoe lank het julle gewag vir die lykswa of het

julle/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

julle nie vir hom gewag nie? -- Ek wil dit net so verduidelik. Terwyl ons besig was met die - terwyl die predikant besig was met die diens en terwyl mnr. Lekota besig was om die reëls en regulasies te verduidelik, het ons, nadat hulle klaar was, opgelet dat die lykswa nog nie daar was nie.

En toe wag julle vir hulle tien tot vyftien minute? -- Nee, ons het nie ekstra tyd, daardie tien tot vyftien minute gewag nie. Ons het by die huis - die predikant met mnr. Lekota het omtrent tien tot vyftien minute gepraat.

So, met ander woorde, julle het dan nie vir die lykswa gewag nie? -- Nee, ons het nie vir die lykswa gewag nie.

Hoe laat moes die lykswa daar gewees het? -- Die lykswa moes 10h00 toe ons begin het daar gewees het.

Is dit nou 10h00 wat julle begin het met die optog? -- 10h00 wat ons begin het met die diens by die huis.

Wat sal u sê as dit beweer was deur die verdediging dat daar was 'n lykswa wat saam beweeg het met hierdie lykstoet? -- Ek sal nie saamstem nie.

En wat meer is, wat gesê word, dit was gereël om die landdros se bevel te omseil dat die mense die kis op die bakkie gesit het en dat in daardie selfde tyd was die lykswa ook saam en het saam beweeg? -- Ek sal nie saamstem dat ons teen enige regulasie van die landdros wou gewerk het nie.

En dit is dan ook 'n leuen wat gestel is aan die getuies dat daar nie 'n lykswa was nie?

MR BIZOS : It was never put that it was arranged. It was put that young people held up the coffin in order to avoid the order of the magistrate. There was nothing put that it was arranged.

HOF : Wat is u verwysing?

MNR. JACOBS/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

MNR. JACOBS : Dit is volume 36 bladsy 1 675. Ek sal dit lees wat daar gestel was "Daar was wel ŉ lykswa, maar dit was die jong mense se manier om die verbod van die landdros te vermy." -- Ek stem nie daarmee saam nie.

Daardie verskyn op bladsy 1 676. Wanneer het jy jou verklaring gemaak aan die verdediging? -- Dit kan omtrent in 1986 wees.

Die begin van 1986?-- Laat ek net mooi onthou. Ja, ek het my verklaring gemaak nadat die saak begin het.

Het die persoon vir jou gesê dat daar is bewerings gemaak oor die begrafnis? -- Nee.

Het hy jou nie gevra wat is jou weergawe omtrent hierdie begrafnis nie? -- Nee, die verdediging het my gevra weet ek wat gebeur het in Kroonstad.

Op hierdie bakkie, was die kis gedra gewees, in die lug gehou gewees? -- As ek mooi onthou was die kis nou en dan opgetel en neergesit.

Ons kry nou ŉ derde weergawe. Nou en dan opgetel en neergesit. Hoekom is dit gedoen, dink jy? Nou en dan opgetel en neergesit? -- Ek sou sê dat die persone wat op die bakkie was gevoel het om die kis op te lig.

Hoe hoog het hulle hom opgelig? -- Skouerhoogte.

Het hulle hom op hulle skouers gehou? -- Ja.

Wat se persone was op die bakkie? -- Dit was jong mense. Nou nie kinders nie, ook nie groot mesne nie, jong mense.

Wie was hulle gewees? -- Ek kan nie meer onthou nie.

Aan watter organisasies het hulle behoort? -- Daar was op daardie stadium net MASO en hulle het nie aan ŉ organisasie ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Ekskuus, het die mense op die bakkie nie aan MASO

behoort/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

behoort nie? -- Ek is nie seker nie.

MNR. JACOBS : Het MASO al bestaan op 18 Februarie? -- Volgens wat ek verneem het, ja, was daar ŉ studente-organisasie.

Ek vra het MASO bestaan op 18 Februarie 1985? -- Dit is reg, ja.

Wanneer het dit tot stand gekom? -- Soos ek vroeër in my getuienis gesê het, ŉ paar jong mense het my genader by my winkel voor die onrus gebeur het in Kroonstad vir ŉ donasie en hulle het my meegedeel dat hulle besig was om ŉ studente-organisasie te stig.

Kyk, is dit nie so nie dat op daardie stadium het daar nog COSAS bestaan en daar was ook COSAS baniere by hierdie begrafnis? -- Nee, ek stem nie saam nie.

Weet jy of daar ooit ŉ COSAS bestaan het in die woonbuurt in Seeisoville, hetsy die kleurling-, hetsy die swartwoonbuurt? -- Nee, ek dra nie kennis van COSAS daar nie.

Nooit geweet dat daar ŉ COSAS was nie? -- Ek dra nie kennis daarvan nie.

Het jy nooit geweet dat daar voor hierdie MASO enige organisasie onder die jong mense bestaan het nie? -- Nee, ek weet dat hulle my kom meedeel het dat dit die enigste studente en die eerste studente-organisasie is.

Jy ken vir mnr. Lethae? -- Ja, van sien ken ek hom.

Hy het gister vir ons hier heeltemal ŉ ander storie vertel as wat jy nou sê. Hy sê die mense het agter op daardie bakkie gestaan, maar hulle het spesiaal daar gestaan om die kis vas te druk dat dit nie rondskuif en rondgaan nie. Wat sê jy daarvan? -- Dit is sy siening van die saak.

Nee, dit is nie ŉ kwessie van sy siening nie. Is dit die feite of is dit nie die feite nie? -- Ek sal saamstem dat

dit/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

dit ook die rede was waarom hulle op die bakkie geklim het.

O, nou is dit ook ŉ rede? Het dit so gebeur dat hulle die kis al die pad op die bakkie vasgehou het? Of nie? -- Soos ek nou verduidelik het dat die persone die kis nou en dan opgelig het.

Is dit reg dat hierdie mense wat almal die kis daar vasgehou het, het almal UDF T-hempies gehad? -- Ek stem nie saam daarmee nie.

Wat se T-hempies het hulle aangehad? -- Hulle het gewone drag aangehad.

As daar ŉ weergawe aan die getuies gestel is dat hierdie mense het eintlik agter gestaan en die kis al die pad gedra, wat sê jy daarvan? -- Nee, ek stem ook nie saam nie.

Was dit nie ook ŉ deel van die plan om hierdie landdros se reëls en regulasies te omseil nie. As julle nie kan loop nie, dan dra julle hom maar op die skouers, die kis op die begrafnis? -- Nee, ek stem nie saam nie.

Nou hoekom is hy dan op die skouers getel? -- Soos ek reeds gesê het, het die betrokke persone seker gevoel uit hulle eie uit.

Nou goed, jy het geweet die landdros het gesê die kis mag nie gedra word nie. Hier tel die mense dit nou op die skouers. Jy is die man wat gevra is, wat hierdie hele begrafnis gereël het en wat verantwoordelik was vir al die reëlings en moes toesien dat die landdros se reëlings nagekom word, het jy gegaan en hulle gestop? -- Soos ek nou gesê het was die begrafnis baie groot en ek was ŉ bestuurder van ŉ motor. Ek kan nie in die middel van die pad stilstaan om mense daar voor te gaan aansê wat om te doen en wat om nie te doen nie.

Kon/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Kon jy nie iemand stuur nie? -- Die mense het op daardie stadium vinnig beweeg langsaan my.

Wat se mense het vinnig beweeg langsaan jou? -- Die begrafnisgangers.

Het jy 'n passasier in jou kar gehad? -- Ek was alleen in die kar.

Maar wat se begrafnisgangers was langsaan jou gewees? -- Wat die begrafnis bygewoon het.

Is dit karre of wat? -- Nee, voetgangers.

Maar dit is mos maklik om deur 'n venster vir 'n man daar te sê, jy het tog op 'n loopspoed beweeg daarso? -- U moet verstaan dat op daardie stadium is almal haastig om by die punt uit te kom.

Dit is nog nie 'n verskoning nie, want daar sien jy hulle oortree die landdros se bevel ... (Mr Bizos intervenes)

MR BIZOS : I submit that there is no evidence that it was a contravention of the magistrate's order, unless I made a mistake with the Afrikaans word. I thought that to avoid is not the defence.

COURT : I do not know exactly what the order was. It was stated here that "hulle die kis nie mag dra nie." Whatever that may mean.

MR BIZOS : Well, I merely say that there is no evidence. I do not want to lead the witness as to what it might have been or what I have reason to believe it was, but there is no evidence that that was a contravention. "Te vermy" I thought is to avoid. The other word that they use in tax cases, that may be an offence, but to avoid is not an offence.

MNR. JACOBS : Goed, ek sal dit so aan jou stel. Ek stem nie heeltemal met mnr. Bizos saam nie, maar ek sal nie

daaroor/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

daaroor stry nie. Kom ek stel dit so. Jy het nou gesien hulle doen dit daarso, die kis dra, die bewering is gemaak dit is gedoen dat die landdros se bevel vermy of omseil moes word, hoekom doen jy toe nie iets daaromtrent nie? Het jy dit gesien dat daar is nou iets voor aan die gang waar die landdros se bevel omseil word? -- Toe ons by die begraafplaas kom, het ek met die persone wat agter op die bakkie was gepraat en gewaarsku dat hulle nie geluister het na die reëls en regulasies nie.

So, stem jy dan saam dat jy het rede gesien om met die mense te praat omdat hulle nie die reëls en die regulasies nagekom het nie? -- Ek stem saam.

En tog doen jy niks om te keer dat hulle dit nie doen nie. Is dit reg? -- Ek het nou 'n verduideliking gegee waarom ek nie by hulle kon uitkom nie.

Sal jy saamstem dit was moontlik om iemand wat loop langsaan te vra "Gaan vinnig vooruit, gaan sê vir daardie mene hulle moet nie daardie ding doen nie" ? -- Nee, ek stem nie saam nie.

Het op daardie stadium terwyl die lykswa of die stoet beweeg het - het jy polisie gesien beweeg? -- Nee, ek het nie polisie op daardie stadium gesien beweeg nie.

Op enige stadium wat julle beweeg het vanaf die huis waar die diens begin het en waar julle met die optog begin het tot by die begraafplaas, het jy enige polisievoertuie gesien wat beweeg saam met julle? -- Van die huis af tot by die begraafplaas het ek geen polisievoertuie gesien nie.

Is julle nie naby die polisiestasie verby nie? -- Dit is nie naby die polisiestasie nie.

Julle is nie daar verby nie? -- Nee, ons is nie by die

polisiestasie/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

polisiestasie verby nie.

Jy sien, want hierdie persoon, mnr. Lethae het weer gesê op 'n stadium gaan julle naby die polisiestasie verby, dan kon hy die polisie daar sien staan? -- Die polisiestasie is 'n blok ver van die pad wat ons geneem het.

Wat sê jy van sy getuienis julle gaan daar naby die polisiestasie verby en dan kan julle die polisie daar sien staan en hy het in werklikheid polisie daar sien staan? -- Die polisie het by die polisiestasie gestaan en van 'n afstand kan jy die polisie sien, maar hulle het nie met ons saam beweeg nie.

Kan u vir die hof sê, jy het nou-nou vir die hof vertel dat van die oorledene se huis waar die diens begin het tot by die begraafplaas is 'n baie ver distansie. Is dit reg? -- Ja, dit is reg.

Het die mense al hierdie pad van daar af tot by die begraafplaas net een lied gesing Senzeni na? -- Hulle het gesing en dan hou hulle op en dan begin hulle weer sing. So het dit aangegaan.

Ja, maar hulle het mos verskillende liedere gesing? -- Ek het net Senzeni na gehoor.

Elke keer oor en oor Senzeni na? -- Dit was die geval.

Is daar slagspreuke uitgeskreeu terwyl hulle beweeg het? -- Nie wat ek gehoor het nie. Daar was nie slagspreuke uitgeskreeu nie.

Is dit moontlik dat hulle dit gedoen het? -- Nee, dit is nie moontlik nie.

Hoe kan jy dit sê? -- Ek was met hulle.

Was dit nie 'n baie lang stoet gewees agtduisend mense, wat jy skat tussen vyf- en agtduisend mense en waarvan

die/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

die helfte motors is, dat dit 'n geweldige lang stoet moes gewees het nie? -- Ek sou gehoor het as daar een .. (Mnr. Jacobs kom tussenbei)

Ag antwoord net my vraag. Was dit nie 'n geweldige lang stoet nie? -- Dit was 'n geweldige lang stoet.

En as jy nou skat, as 'n mens vat dat dit 'n motorstoet was wat 'n geweldige klomp motors was en so baie mense, dan moet dit seker omtrent twee kilometer lang stoet gewees het, as dit nie nog langer is nie? -- Hierdie mense sou geskreeu het en ek sou gehoor het.

Ag, hoekom antwoord jy nie my vraag nie? -- Ek antwoord u vraag.

Ek vra vir u was dit 'n baie lang stoet? Dit was seker minstens 'n twee kilometer lang stoet gewees. Is dit reg of verkeerd? -- Ek sal sê miskien een kilometer.

HOF : Hoe lank is die afstand tussen die oorledene se huis en die begraafplaas se hek? -- As ek moet skat is dit omtrent twee tot twee en 'n half kilometer ver.

MNR. JACOBS : En is dit reg dat die groot meerderheid van die mense wat geloop het was eintlik dan agter jou? -- Ek was in die middel.

Was jy nou in die middel van die mense wat geloop het of in die middel van die hele stoet of in die middel van die deel wat die karre gevorm het? -- Ek was in die middel van al die begrafnisgangers. Dit is nou die karre en die mense.

HOF VERDAAG. HOF HERVAT.

DENNIS VICTOR BLOEM, nog onder eed

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : Mnr. Bloem, ek stel dit aan u dat in daardie stoet het die mense nie

net/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

net Sezeni na gesing nie, maar ook ander vryheidsliedere? -- Ek stem nie saam daarmee nie.

En ek wil dit aan u stel as u in 'n motor was, sal u nie weet wat die skare wat geloop het agter u gedoen het nie? -- Die vensters van die motor was oop en ek kon duidelik hoor.

En ek wil dit ook aan u stel dat daar was kort-kort of mense het geloop met hulle regtervuise in die lug en dan het hulle ook slagspreuke van "Amandla Ngawethu" geskreeu? -- Ek stem nie saam daarmee nie.

En die polisie het in die straat net ander kant julle met die hippo's saam met julle beweeg na die begraafplaas toe? -- Ek stem nie saam daarmee nie.

En dan wanneer dit gebeur en die mense die polisie so sien wat daar in die straat geloop het, dan het die vrouens hulle rokke opgetel en obskure bewegings teenoor die polisie gemaak? -- Ek stem nie saam daarmee nie.

En ek stel dit aan u, u kan nie sê dat u nie saamstem nie, want u kon dit nie gesien het as u daar was waar u gesê het u was nie? U kon nie gesien het wat gebeur nie? -- Ek kon duidelik gesien het.

Wat agter jou gebeur? -- Wat langsaan my gebeur het en voor my.

Maar agter jou kon jy nie gesien het nie? -- Agter my kon ek nie gesien het nie.

En as dit gebeur het, dan kon u dit nie gesien het nie? -- Ek sou dit opgelet het.

Hoe sou jy dit opgelet het? Vertel vir ons? -- Met die skreeuery van mense.

En die oplig van die rokke? -- Die oplig van die rokke, sou ek gehoor het daarvan.

O/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

O, jy sou hoor hoe lig hulle hulle rokke op. Is dit jou getuienis wat jy gee? -- By die begraafplaas sou ek daarvan gehoor het.

Ek praat nie van wat jy gehoor het nie. Ek praat van wat jy gesien het. Jy sou nou gehoor het hoe lig hulle hulle rokke op? -- Ek weet dit het nie gebeur nie.

Jy het dit nie gesien nie? -- Ek sou gesien het as dit gebeur het.

Het u oë in u kop dat u kon sien wat agtertoe gebeur? -- Nee, ek het nie oë agter in my kop nie.

Kan jy dan vir die hof sê hoe sou jy dit gesien het? -- Alles wat gebeur het by die begrafnis is ek op hoogte van.

Nee, ek praat van wat jy gesien het. Hoe kon jy gesien het wat gebeur in die stoet, terwyl die stoet beweeg? -- Sou dit nou net die agterste mense wees wat dit gedoen het en nie die voorstes nie.

Ek sê van die gedeelte agter? -- Nee, ek wil weet, is dit net die agterste mense of is dit die voorste mense ook?

Ek vra vir jou duidelik die mense wat agter jou was, hoe sou jy gesien het wat hulle kon doen? -- Ek kon in my spieël in gekyk het aan die kant.

Het jy dit gedoen? -- Keer op keer. Ek dink dit is ŉ bestuurder se plig om in sy spieël in te kyk.

Die spieëltjie is hier voor by die windskerm, nè, in die middel? -- In die middel in die kar.

En agter jou was karre gewees? -- Agter my was karre.

So, hulle het nie jou uitsig belemmer nie? -- Ek het mense gesien wat agter ... (Mnr. Jacobs kom tussenbei)

Ek sê hulle het nie jou uitsig belemmer nie? -- Ek glo nie.

Goed/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Goed, kom ons vat ŉ ander aspek. By die begrafnis het u laat daar opgedaag? -- By die begrafnis van die 18de?

By die huis, ja. Ek sal vir u sê as ons weggaan van die begrafnis van die 18de af. Kom ons aanvaar ek hou aan met die 18de s'n. -- Ja.

Daar by die huis, het u laat by die verrigtinge daar by die huis opgedaag? -- Ja, ek het opgedaag toe mnr. Lekota besig was om te praat.

Hoekom was u dan laat gewees? U moes mos dan al die reëlings daar kom tref het? -- Ek het sekere pligte gehad wat ek eers moes uitvoer by my winkel.

Het mnr. Lekota nadat hy die begrafnisreëls gelees het, ŉ toespraak gemaak? -- Nee, op daardie stadium het hy nie ŉ toespraak gemaak nie.

Het hy nie die mense toegespreek nie? -- Nee, hy het nie die mense toegespreek nie.

U sê u verstaan nie Sotho nie? -- Ek het dit baie mooi verduidelik dat ek hier en daar verstaan.

Maar jy kan nie ŉ gesprek of ŉ toespraak volg in Sotho nie? -- Hier en daar kan ek dit volg.

Maar nie volledig nie? -- Nie volledig nie.

Ek wil dit aan u stel u is nie heeltemal eerlik met die hof daar nie. U het mos nou baie vergaderings daar in Seeiso-ville gaan bywoon waar die mense in hulle tale gepraat het. Is dit nie so nie? -- Daar was nog nie ŉ vergadering in die swartwoonbuurt wat ek bygewoon het nie.

En wat vir my dan so eienaardig is, u sê by die graf het mnr. Lekota sy toespraak in Sotho gegee. Is dit reg? --- Ja, dit is reg.

Toe het u vir my iets baie eienaardigs gesê dat nadat

hy/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

hy gepraat het, hoewel u nie kan verstaan wat hy sê nie of net hier en daar verstaan wat hy sê, sê u u het presies herhaal wat hy gesê het en u het die woord presies gebruik? -- Wat ek verstaan het, het ek weer gepraat wat mnr. Lekota gesê het.

Maar dit was nie u getuienis dat u gesê het net die dele wat u verstaan het het u herhaal nie. U het vir die hof gesê u het presies herhaal wat mnr. Lekota op daardie begrafnis gesê het toe u die mense toegespreek het? -- Ek het aan die hof verduidelik dat ek Sotho nie goed verstaan nie, hier en daar.

U sien, dit is daarom wat ek van u wil weet, hoe kan u vir die hof kom sê dat u het presies herhaal wat hy gesê het in sy toespraak as u nie Sotho kan verstaan nie? -- Ek het gepraat wat ek kon verstaan het van mnr. Lekota.

So, hierdie feit wat u dan hier gestel het in u getuienis-in-hoof dat u het presies weergegee wat hy gesê het was dan nie heeltemal reg gewees nie? -- Ek dink ek het gepraat wat hy gesê het.

Nou dink jy so? -- Ja, want wat hy gesê het het ek ook oor gesê.

As u net hier en daar van 'n toespraak kon verstaan het in Sotho, hoekom u dan die dele wat u verstaan het herhaal? Hy het dit mos klaar gesê? -- Ek wou dit beklemtoon het aan die begrafnisgangers.

Wat wou jy nou presies beklemtoon het? -- Dat ons vreedsaam uitmekaar moet gaan.

Is dit al waaroor hy gepraat het? -- Hy het ook gesê al neem die polisie enige aksie moet ons nie ook terug baklei nie.

Was daar enige rede om te dink dat die polisie gaan

aksie/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

aksie neem? -- Ons het gesien dat hulle op 'n sekere distansie van ons af staan.

En as daar niks verkeerd gedoen word nie sal die polisie mos nie aksie neem nie? -- Ek moet uit alle eerlikheid uit sê dat die polisie aksie neem al gebeur daar ook niks nie.

Maar dit is mos nou die eerste insident. Wanneer het hulle aksie geneem waar daar niks gebeur het nie? -- Ek dink aan die skool op 11 Februarie 1985.

Maar as ek u getuienis reg verstaan het dan het u geen persoonlike kennis wat daar gebeur het nie? -- Ek het gehoor.

Toe die dinge daar gebeur het, was die kinders in die skool gewees? -- Hulle was op die skool premises.

Ja, maar was hulle in die skool? Was hulle in hulle klaskamers? -- Dit was 'n byeenkoms Maandagoggend.

Was hulle by hulle klaskamers? -- Hulle was besig met 'n byeenkoms voordat hulle na hulle klaskamers beweeg het.

Was dit 'n geregverdigde byeenkoms wat hulle mag gehou het op daardie stadium? -- Ja.

Of moes hulle in hulle klaskamers gewees het? -- Nee, dit was 'n geregverdigde byeenkoms.

<u>HOF</u> : Laat ek net duidelikheid kry, wat bedoel u met 'n byeenkoms? Ek het die prosedure by 'n skool so dat hulle in die oggend bymekaar kom op 'n Maandagoggend of op elke oggend, dat hulle aantree, dat hulle toegespreek word deur die onderwyser en dat daar 'n gebed gedoen word of skriflesing en aankondigings en dat hulle dan na hulle klaskamers toe gaan. Is dit wat u bedoel met die byeenkoms of bedoel u 'n ander soort byeenkoms? -- Nee, dit is wat ek bedoel met die byeenkoms.

MNR. JACOBS/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

MNR. JACOBS : Maar ek verstaan dit dan nou nie. Hoekom het die polisie soontoe gegaan dan? Dit gebeur mos elke dag dan dat daar byeenkomste is van dié soort wat jy nou noem? -- Nadat die - soos ek verneem het - hoof of onderwysers hulle klaar toegespreek het, het van die studente gesê dat hulle probleme het.

Het hulle die vergadering oorgeneem en toe ŉ studente-vergadering gehou? -- Ek sal nie sê dit is wat gebeur het nie.

Dit kan òf dit wees òf dit is die byeenkoms soos jy nou-nou vir die hof gesê het dat die onderwysers het hulle toegespreek en dan gaan hulle na hulle klaskamers toe. -- Ek dink by elke skool is daar, as studente probleme het, dan praat hulle die probleme uit en dit is die geval wat gebeur het daardie oggend.

HOF : In ŉ massavergadering? -- Nie in ŉ massavergadering nie.

MNR. JACOBS : Maar hier was dan nou ŉ massavergadering? -- Dit was nie ŉ massavergadering nie.

Was dit nie al die skoolkinders wat daar was nie? -- Dit was al die skoolkinders by die byeenkoms.

O, jy hou nie van die woord vergadering nie? -- Ja, dit was nie ŉ vergadering nie.

By die massabyeenkoms dan? -- By die massabyeenkoms.

En waaraan die onderwysers nie deel gehad het nie? -- Die onderwysers het deel gehad. Hulle was teenwoordig.

Want ek wil dit aan u stel die onderwysers het juis die polisie ontbied? -- Ek neem so aan dat een van die polisie die polisie ontbied he.

Hoe kan jy so ŉ ding sommer aanneem dat een van die

polisie/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

polisie die polisie ontbied het? -- Volgens die studente - dit is die inligting wat ek gekry het.

O, die studente kom rapporteer aan jou? -- Dit is in die hele Kroonstad bekend.

Die studente het dit aan jou kom bekend maak? -- Dit is wat ek gehoor het van studente wat betrokke was daar.

So, jy ontken dat die onderwysers die polisie ontbied het na daardie skool toe? -- Nee, ek ontken dit nie, die onderwysers het die polisie ontbied.

So, met ander woorde, daar moes 'n rede gewees het hoekom die onderwysers nou voel hulle moet die polisie daar op die toneel kry? -- Ek sal saamstem daar was 'n rede.

Wat was daardie rede, hoekom het die onderwysers gevoel die polisie moet daarnatoe kom vir hulle beskerming of enigiets? -- Ek dink dat die rede was dat die hoof of onderwysers nie wou geluister het na die probleme van die studente nie.

En toe raak hulle opstandig? -- Hulle het nie opstandig geraak nie.

Hoe weet jy? -- Ek moet dit weer eens sê dat die inligting wat ek gekry het was dat hulle vreedsaam gepraat het met die skoolhoof en die onderwysers.

Dit is so eienaardig dat julle altyd met die vreedsame storie kom, maar die polisie word ontbied na vreedsame samesprekings toe? Is dit nie vir jou ook eienaardig nie? -- Ek moet dit sê in die hof dat as u weet wat gaan aan in die swartwoonbuurtes sal u nie so praat nie.

Maar ek vra vir jou 'n vraag nou. Ons het die feite uit jou uit gekry dat die onderwysers het die polisie ontbied, maar daar moet een of ander rede wees hoekom hulle ontbied was. Jy sê dit was alles vreedsaam gewees? Is dit nie

eienaardig/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

eienaardig nie? -- Ek glo so dat dit vreedsaam was.

O, jy glo dit net? -- Ja, want ek het ondervinding daarvan.

Wat se ander ondervinding het jy dat die kinders so vreedsaam vergader het? Sê vir die hof? -- Die optrede van die polisie by die begrafnisse.

Nee, wag 'n bietjie, jy het gepraat dat jy het ondervinding daarvan dat onderwysers of mense polisie sal ontbied na vreedsame byeenkomste? -- U het die vraag aan my gestel wat se ondervinding het ek van die optrede van die polisie, nie van studente nie.

Ek het vir u gevra is dit nie ook vir u eienaardig dat die polisie nou ontbied word na 'n vreedsame byeenkoms van 'n massa studente nie? -- Dit is nie vir my snaaks nie.

En is dit waarvan jy ondervinding het? -- Ek het dit nie so gestel aan u nie.

Dit is wat jy netnou vir die hof gesê het toe ek vir jou gevra het? -- Ek het dit nie aan u, ek sê ek het ondervinding van die optrede van die polisie.

Jy sien, eerstens, die polisie is mense wat sommer optree en mense skiet en mense aanval en te kere gaan. Nou is dit ook al die onderwysers wat die polisie ontbied vir vreedsame vergaderings waar daar niks gebeur het nie. Ook sommer net doelloos om net anders te wees? Dit is die idee wat jy nou by die hof probeer skep. Is dit reg? -- Ja, dit is reg.

So, alles wat aan die outoriteite behoort is altyd verkeerd, die ander is altyd reg? -- Ek het nog nooit so gesê nie.

Maar dit is wat jy te kenne gee. Die onderwysers was

verkeerd/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

verkeerd, want dit was ŉ vreedsame vergadering en hulle roep die polisie. Die polisie kom na ŉ vreedsame begrafnis toe en hulle skiet sommer. -- Ja, dit is wat gebeur het.

K1177 En die ander is altyd onskuldig. Jy sien, hierdie begrafnis van 18 Februarie 1985 het jy in samewerking met UDF gereël? -- Nee.

Jy het met beskuldigde nr. 19 in verbinding getree oor hierdie begrafnis? -- Dit is reg.

Nie met nr. 20 nie, met nr. 19? -- Nee, nie met nr. 19 nie.

Mnr. Popo Molefe? -- Nee, dit is beskuldigde nr. 20, mnr. Lekota.

En hy het gesê dat u moet R200,00 aan UDF - hulle sal dit vir u terug gee, maar u moet R200,00 spandeer op die begrafnis as ŉ bydrae van UDF? -- Ek ontken dit. Dit het nog nooit so gebeur nie.

Wat vir my ook baie eienaardig is, is dat ons het hier getuienis gehad van beskuldigde nr. 20 dat hy omtrent nooit hier in Johannesburg is by die UDF kantore nie, maar u kry hom elke keer gerieflik sommer daar? -- Ek het dit verduidelik dat ek moontlik na ses maande Johannesburg toe kom en dit is nie altyd wat ek hom daar kry nie.

Toe jy hom hier skakel dat hy na die begrafnis toe moet kom, toe is hy sommer gerieflik beskikbaar? -- Ja, hy was daar by die kantoor.

As u sommer so onverwags Johannesburg toe gaan wanneer u gaan goed koop, dan spring u daar by UDF se kantore in en dan is hy sommer net beskikbaar? -- Ek het dit aan die hof gesê dat ek hom nie altyd by die kantore gekry het nie.

Het jy so gesê? -- Ja, natuurlik het ek so gesê.

Hoeveel/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Hoeveel keer het jy hom daar by UDF se kantoor gekry? -- As ek mooi onthou was dit drie of vier keer.

Drie of vier keer sedert wanneer? -- Sedert die United Democratic Front ŉ kantoor gekry het.

Wanneer was dit? -- Dit was in 1983.

In watter maand? -- Ek is nie seker van die maand nie.

HOF : Weet u of dit na die stigting is van die - die stigting in Mitchells Plein? --Ja, dit was nie kort daarna nie.

MNR. JACOBS : Is dit reg, mnr. Lekota woon eintlik Durban? -- Ja, mnr. Lekota woon eintlik in Durban.

Tot wanneer toe het jy hom so gekry? Vat dit nou maar van 1983 af? -- Ek het hom gekry - die laaste wat ek vir mnr. Lekota gesien het was op die begrafnis van die 18de.

Februarie 1985? -- Ja.

As dit nou 1983 is, jy het vir die hof gesê jy het net elke ses maande hom gesien, het jy gegaan om hom te sien. Is dit reg? -- Ek het vir die hof gesê ongeveer ses maande. Dit is nie presies na elke ses maande nie. Moontlik het ek iets nodig in die winkel. Moontlik het ek iets vir my self nodig en dan gaan ek Johannesburg toe, maar ek het nie in ŉ kort afstand Johannesburg toe gegaan nie.

So, die ses maande is ook nie heeltemal reg nie. Is dit reg, want ek het u getuienis verstaan dit is elke ses maande dan het u vir mnr. Lekota gesien? -- Vyf, ses maande kan ek dit stel.

As ons nou vat 1984 moes daar dan twee keer gewees het wat jy so gegaan het na Johannesburg toe. In 1985 blykbaar nie eers een keer nie. So, jy het eintlik van 1983 tot Februarie 1985 drie geleenthede gehad om soontoe te gaan

en/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

en dan sê u vir die hof u het drie of vier keer hom nie gesien toe u gegaan het nie? -- As u mooi kan onthou, soos ek die hof vertel het dat ek baiekeer aangehou was en dit is vir my baie, baie onmoontlik om presies te sê wanneer ek vir mnr. Lekota by die kantoor gekry het en wanneer nie.

Want dit is juis my punt. U het hom nie daar gekry nie, want hy het omtrent nooit daar gekom nie, volgens sy eie getuienis, hy het in Durban gewoon en op jou eie getuienis was dit onmoontlik dat dit gebeur het, soos jy vir die hof gesê het. So, die skakeling, as jy met hom wou geskakel het was deur beskuldigde nr. 19, mnr. Molefe? -- Ek stem nie daarmee saam nie.

En dit is waar jy die reëlings getref het tussen u en mnr. Molefe dat u die begrafnis namens UDF sal waarneem op die 18de? -- Ek stem nie daarmee saam nie.

En daarom stel ek dit ook aan u was daar op daardie bakkie, die mense wat daar op was, het UDF T-hemde gedra? -- Ek stem nie daarmee saam nie.

Vanaf die huis na die kerkhof of begraafplaas het u saam met beskuldigde nr. 20 gery? -- Nee, soos ek reeds gesê het, ek het met my eie motor gery.

Hoekom was jy nie saam met hom nie? Hy was dan jou vriend wat daar is en wat die begrafnis bywoon. Hoekom was jy nie saam met hom nie? -- Beskuldigde nr. 20 het met sy eie voertuig gekom en hy het daardie voertuig bestuur.

Dit antwoord nie my vraag nie. Julle is mos nou daarso twee vriende, jy ry met 'n leë voertuig en hy ry blykbaar met 'n leë voertuig, hoekom ry julle nie saam nie? -- Wat moet ek nou doen met my voertuig?

Julle sou mos altwee hande gaan was na die begrafnis,

dan/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

dan kon julle weer saam kom en jou voertuig daar gelos het? -- Ek het met die doel van my huis af gegaan met die voertuig om begrafnis toe te gaan en nie om met mnr. Lekota saam te ry nie.

Wat het mnr. Lekota gesê wat u so presies na gepraat het? -- Mnr. Lekota het verduidelik dat hy verneem het en gelees het in die koerant van die onrus wat in Kroonstad plaasgevind het, dat winkels beskadig is, dat motors beskadig is en dat hy ontevrede daarmee is en hy vra die mense, die begrafnisgangers, dat dit nie die manier is waarop hulle hulleself moet gedra nie.

En dit het jy alles gehoor in Sotho? -- Ja.

Alles? -- Ja.

Wat nog het hy gesê? -- Hy het ook die mense versoek om baie in 'n ordentlike manier en 'n vreedsame manier uitmekaar te gaan.

Nog? -- Ek dink dit is al wat ek ... (Mnr. Jacobs kom tussenbei)

Jy sien, om dit te herhaal het dit jou omtrent twee minute geneem. Is dit reg? -- Ek glo nie so nie.

Minder as twee minute? -- Ja.

En die getuienis was en die stelling was hier gewees dat mnr. Lekota het omtrent tien minute daar gepraat. Dan moes hy mos baie meer gesê het as wat jy vir ons vertel? -- Ek het nooit daardie stelling gemaak dat mnr. Lekota omtrent tien minute gepraat het nie.

Nee, dit was die stelling van die verdediging gewees. Dit was gestel dat as hy, mnr. Lekota, vir tien minute die mense daar - ten minste tien minute die mense daar toegespreek het, dan moes iemand wat 'n verkyker of met 'n verkyker gesit

en/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

en kyk het, moes gesien het hy praat vir minstens tien minute? -- Soos ek reeds gesê het, ek het dit nooit gesê dat mnr. Lekota vir tien minute gepraat het nie. Die verdediging of enige ander persoon het so gesê, maar wat ek uit mnr. Lekota se gesprek kon gevat het was dit wat ek nou gesê het.

Het hy nie oor UDF gepraat daar nie? -- Ek het nou gesê dat mnr. Lekota gesê het dat mense hulle nie op daardie wyse moet gedra nie.

Antwoord nou maar my vraag, asseblief. Het hy nie oor UDF gepraat nie? -- Nee, mnr. Lekota het glad niks oor UDF gepraat nie.

Glad niks nie? -- Nee.

Wat se reg het mnr. Lekota dan om daar vir die mense te kom sê hy is ontevrede omdat daarso onluste was? -- Soos ek aan die begin gesê het is mnr. Lekota baie welbekend in Kroonstad.

Nou wat maak dit nou as hy ontevrede is? -- Ek glo dat mnr. Lekota 'n mens is wat van vrede en liefde hou.

Jy glo dit? -- Ja.

Maar wat gee hom die reg om vir die mense te kom sê "Kyk, ek is ontevrede oor wat hier in Seeisoville aangaan"? -- Want hy het nie daarvan gehoor wat gebeur het in sy huisdorp nie.

Hy was daar darem ten minste geklee in 'n UDF T-hempie, nè? -- Dit is reg.

Was daar enigiemand anders saam met beskuldigde nr. 20 by hierdie begrafnis?

<u>HOF</u> : Behalwe agtduisend mense?

<u>MNR. JACOBS</u> : Ja, behalwe hy van UDF?

<u>HOF</u> : Was daar agtduisend-en-een.



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

MNR. JACOBS : Saam met beskuldigde by die begrafnis wat hom spesifiek vergesel het wat van UDF af kom? -- Mnr. Lekota het my aan niemand voorgestel nie.

Ken u die persoon met die naam van Patrick Lephunya? -- Ek het gelees in die koerante van hom.

Was mnr. Patrick Lephunya van UDF nie daar saam nie? -- Ek het hom nie daar gesien nie.

Het hy nie ook 'n UDF T-hemp aangehad nie en was hy nie by mnr. Lekota nie? -- Nee, soos ek sê ek het hom nie daar gesien nie.

En toe die polisie vir julle gevat het, was hy nie by gewees nie? -- Nee, ek en mnr. Lekota was alleen op daardie stadium.

Kan u vir ons beskryf presies hoe ver was die graf ongeveer van die ingang van die begraafplaas, van die hek na die graf toe? -- As ek skat sal dit omtrent driehonderd of vierhonderd meter van die hek af wees.

So ver? -- Ja.

Ek het gister 'n skatting gekry van omtrent vier treë langer as die lengte van hierdie hof? -- Nee, dit is my skatting. Elke persoon het sy eie skatting.

Op die stadium toe die polisie sommer nou so onnodig traanrook geskiet het, soos jy nou hier vir die hof vertel, hoeveel mense was daar by die graf gewee? -- Ons was ongeveer vyftien tot twintig mense daar by die graf.

En die res van die agtduisend mense wat daar by die begrafnis was, waar was hulle? -- Hulle was in die pad uit die begraafplaas besig om in die lokasie in te gaan.

HOF : Buite die begraafplaas? -- Buite die begraafplaas.

MNR. JACOBS : Was hulle al ver weg van die hek van die begraafplaas/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

begraafplaas, ver weg buitekant die hek van die begraafplaas? -- Ja, hulle was 'n distansie van die hek af.

Hoe sal jy skat die agterstes van hulle, hoe ver was hulle al verby van die hek af? -- Hulle was 'n redelike distansie van die hek af.

Ek weet nie wat beteken redelik nie. Is dit honderd, tweehonderd treë? Wat beskou jy as redelik? -- Sê honderd treë van die hek af.

Dit is die agterstes? -- Ja, dit is die agterstes.

is Op watter stadium het die polisie by daardie hek ingekom? -- Dit was terwyl ons - terwyl ek besig was om te praat toe ek opgelet het dat die polisie in die hek van die begraafplaas kom na die begrafnisgangers.

Wat se voertuie het ingekom? -- Daar was "landrovers" en daar was gewone vangwaens en daar was hippo's.

Alles het ingekom in die perseel in? -- Ander het ingekom terwyl ander buite gestaan het. Die hippo's het ... (Mnr. Jacobs kom tussenbei)

Maar ek het vir u duidelik gevra watter voertuie het ingekom in die perseel van die kerkhof? Luister u nie na die vrae nie? -- Hippo's en "landrovers" het inbeweeg.

Hoeveel? -- Ek is nie seker nie.

Tot waar het hulle gekom? -- Hulle het 'n afstand van ons omtrent tweehonderd meter van ons af gekom.

Binne-in die kerkhof se perseel? -- Binne-in die kerkhof se perseel.

Hoeveel het buitekant gebly? -- Van hulle het buite gebly. Ek is nie seker hoeveel nie.

Hoeveel? -- Nee, ek is nie seker nie. Ek kan nie die getal sê nie.

Waar/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Waar was hulle gewees presies? -- Hulle het buite die kerkhof gestaan.

Was dit by die hek gewees of aan die teenoorgestelde kant van die hek of aan die sykant? -- Aan die sykant van die begraafplaas.

Ver van die hek af? -- 'n Redelike distansie ver van die hek af.

Jou redelik is darem seker weer so honderd, honderd-en-vyftig treë? -- Ja.

Of verder? -- Ja, van die hek af.

Die skietery wat toe plaasgevind het, voor dit plaasgevind het, is daar enige waarskuwings gegee dat julle uitmekaar moet gaan? -- Nee, daar was nie waarskuwings gegee nie.

Niks nie? -- Geen waarskuwing nie.

Niks gesê nie? -- Niks gesê nie.

En op daardie stadium toe geskiet is sê jy was die ander mense, die laaste mense wat die begrafnis bygewoon het, honderd-en-vyftig treë weg van die hek af? -- Ja.

So, daar was nie op daardie mense geskiet gewees nie? -- Daar was nie eers op hulle geskiet nie. Daar was eers op ons geskiet en toe na daardie mense toe.

Wanneer is daar na daardie mense geskiet? -- Ek kan nie presies sê wanneer dit was nie, want ons het gehardloop en in die hardloop het ek opgelet dat daar na daardie mense toe ook geskiet word en hulle hardloop.

Hoe het jy gesien daar word na hulle toe geskiet? Het jy net gesien hulle hardloop of het jy gesien daar word geskiet na hulle? -- Ek het gesien daar word na hulle toe geskiet.

Wie het geskiet? -- Ek het omgekyk na die rigting wat



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

daardie ander vangwaens gestaan het en hippo's en ek het gesien daar word geskiet na hulle.

As ek u getuienis reg verstaan het, het u weggehardloop sommer daar deur die draad en in die bos in, het u vir ons gesê? -- Dit is reg.

Maar daardie mense is mos in die teenoorgestelde rigting as jy? -- Ek het nou gesê dat ek omgekyk het en gesien het dat die polisie ook op hulle skiet.

Maar as jy daar in die bos is, hoe kan jy sien wat daar aangaan? Die bome is mos nou voor jou? -- Dit is nie ŉ dig bos nie. Die is ŉ oop vlakte.

Ek verstaan dan nie hoe kan ŉ oop vlakte ŉ bos wees nie? -- Daar is seker ŉ verskil tussen ŉ bos en ŉ oop vlakte, maar soos ek dit verduidelik het ons ingehardloop in die bos in en ... (Mnr. Jacobs kom tussenbei)

Dit het ek verstaan.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Dit is ŉ onbeboomde bos. -- Ja.

HOF : ŉ Bos sonder bome? -- Daar is hier en daar bome.

MNR. JACOBS : Het jy gesien dat iemand raak geskiet word? -- Ek het nie gesien dat iemand raak geskiet word nie.

Was daar nie ŉ ou man raak geskiet wat jy van vertel het gister wat deur ŉ blikke of ŉ "canister", soos dit genoem was getref was nie? -- Ek het nie gesien toe hy raak geskiet word nie, maar ek het verneem dat hy geskiet is.

O, nou het jy weer verneem. -- Laat ek verduidelik, toe ek by die huis kom van die oorledene was daar baie mense wat seer gekry het.

So, jy het nooit gesien dat ŉ ou man daar by die hek geskiet word nie? -- Ek het dit nie met my oë gesien nie.

En volgens jou getuienis is dit ook onmoontlik dat

dit/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

dit kon gebeur het, want die skietery was eerste op julle gedoen en op daardie stadium was die mense alreeds honderd-en-vyftig treë weg van die hek af? -- Nee, dit was nie onmoontlik nie.

Ek het vir u tog baie duidelik gevra waar was die naaste mense van dié wat nou weggeloop het wat daar is behalwe julle groepie wat daar by die graf gebly het en toe het jy vir die hof gesê hulle was honderd-en-vyftig treë weg? -- Dit is korrek.

Stem jy dan nie saam dit is onmoontlik dan as die laaste persoon honderd-en-vyftig treë weg is dat hy by die hek kon geskiet gewees het nie? -- Die polisiewaens het nie stil gestaan nie. Hulle het beweeg na daardie mense toe.

Hoekom antwoord jy my nie? Al het die polisiewaens beweeg, al het hulle wat gedoen, want ek wil nou nog weer met jou verder verskil, want jy sê die polisiewaens het binne-in die perseel van die kerkhof af ingekom en daar gestaan? -- Dit is reg.

So, hulle het nie beweeg nie, hulle het stil gestaan toe daar na julle geskiet was? -- Ek bedoel die waens wat buite gestaan het, die polisie wat buite gestaan het het beweeg ook.

Wanneer het hulle wegbeweeg? -- Toe ek agtertoe kyk in my hardloop het ek gesien dat ook beweeg.

Maar dan antwoord dit nog nie my vraag nie, want ek vra vir jou dit is mos onmoontlik dat iemand by daardie hek by die begraafplaas kon geskiet gewees het as die naaste persoon alreeds honderd-en-vyftig treë weg gewees het? -- Dit is moontlik dat as 'n voertuig beweeg en mense loop dat hulle - dat die voertuig daardie persone inhaal.

Is/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Is dit nie dan moontlik dat 'n persoon honderd-en-vyftig treë weg van die hek af kon raak geskiet gewees het nie? -- Ek weet nie hoe die skietery op daardie betrokke persoon plaasgevind het nie, maar die persoon was raak geskiet.

Maar jy stem saam dit kon net gewees het, dan moes hy ten minste honderd-en-vyftig treë weg gewees het toe hy raak geskiet is? -- Dit is nie altyd die geval nie. Die polisie kon by hom gewees het.

Hoekom wil u nie vir die hof die logiese erken nie? Dit is mos nou logies as die naaste persoon van die hek af honderd-en-vyftig treë was dan kon hy - die naaste persoon daardie persoon was wat geskiet was, dan kon hy net honderd-en-vyftig treë weg van die hek af geskiet gewees het? -- Ek stem nie saam daarmee nie.

Kan jy vir die hof dan 'n rede gee hoekom jy nie saamstem in die lig van jou getuienis nie? -- Soos ek nou gesê het, het van die polisiewaens inbeweeg in die begraafplaas en van hulle het buite gestaan en terwyl ek gehardloop het, het ek agter toe gekyk en gesien dat die polisiewaens wat buite die begraafplaas staan beweeg na daardie mense toe wat uit die begraafplaas is. Dit is wat ek sê.

Kom ons gaan verder, jy wil blykbaar nie antwoord nie.

<u>MR BIZOS</u> : I do not follow the prosecutor's logic, but I did not want to object on that just in case I did not get the point, but the comment is unnecessary with the greatest respect that the witness does not want to answer the question. The witness has answered the question. The prosecutor makes a habit of making that sort of comment and I object to it.

<u>MNR. JACOBS</u> : Ek het hom drie keer gevra op sy eie weergawe en hy het nog nie die vraag geantwoord en hoe dit moontlik

is/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

is dat ꞌn man wat honderd-en-vyftig treë weg is by die hek kon getref gewees het nie.

HOF : Het u nog vrae?

MNR. JACOBS : Ek gaan van daardie punt afstap. Ons het gister getuienis hier gehad ook dat die polisie sou die skietery begin het toe die mense net by die hek uit begin gaan het. Wat sê jy daarvan? -- Soos ek sê was die mense alreeds uit die hek uit.

So, enigiemand wat dit kom sê het, het vir die hof valse getuienis gegee? -- Ek sal nie so sê nie.

Hoekom nie? -- As u my duidelik kon verstaan het het ek gesê die mense was van die hek af ongeveer honderd-en-vyftig treë.

Buitekant? -- Buite die hek.

Maar ek stel nou vir jou die ander weergawe wat hier aan die hof vertel is. Daar was vertel dat die voorpunt van die mense wou net, toe hulle by die hek begin uitgaan was daar geskiet. Toe was daar nog ꞌn massa mense binne-in die begraafplaas? -- Ek stem nie saam nie.

So, dan moet dit ꞌn leuen wees? -- Ek stem nie saam dat daar nog mense binne-in die begraafplaas was nie.

So, enigiemand wat dit sê vertel leuens vir hierdie hof? -- Wat ek aan die hof vertel glo ek is die waarheid.

En iemand wat anders sê vertel leuens? -- Ek sal nie so sê nie.

Kan jy vir ons ꞌn rede gee waarom jy sê daardie mense vertel nie leuens nie.

HOF : Wel, mnr. Jacobs, ek het nog altyd met verbasing geluister na aanklaers wat sê dat ꞌn getuie moet sê dat iemand anders lieg. Dit is my funksie om dit te beslis en my

geleerde/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

geleerde assessor s'n, nie die getuie se funksie nie. U kan hom vra of die man ŉ fout maak. Of iemand lieg, dit beteken hy vertel opsetlik ŉ onwaarheid. Dit is die hof se funksie om dit te beslis.

MNR. JACOBS : Ek wil dit aan u stel daar by daardie graf was nog ŉ groot klomp mense teenwoordig gewees toe die polisie daar gesê het die mense moet uitmekaar gaan? -- Ek stem nie daarmee saam nie.

Ek wil dit aan u stel dat daarso van buitekant die begraafplaas net nader aan die begraafplaas, nie binne-in die perseel in nie, het ŉ "landrover" gekom en die bevelvoerder van die polisie het oor ŉ luidspreker die mense gewaarsku die eerste keer en gesê hy gee hulle tien minute tyd dan moet hulle uitmekaar uit gaan, want die tyd is reeds verstreke? -- Dit het nooit gebeur nie.

En toe het hy vir ŉ tweede keer teruggekom en gesê hy julle net nog vyf minute dan moet julle uitmekaar uit gaan? -- Daar was nooit so ŉ aankondiging gemaak nie.

En julle het geweier om dit te doen en julle nie gesteur aan die opdrag nie en daarna is daar toe opdrag gegee dat daar traanrook geskiet word? -- Dit het nooit gebeur nie.

Die vergadering van die 21ste, nie vergadering nie, begrafnis, hoe het dit gekom dat jy nou weer so gerieflik uitgekies was om die vergadering te reël? -- Ek neem aan dat die ouers van die Matches gesin die ouers van die Makhoko gesin tesame met die studente verwys het na my toe.

Is dit nie so dat u het in hierdie geval, ek stel dit aan u, dit is wat gebeur het, ook gereël met die UDF se samewerking om hierdie begrafnis te reël? -- Ek het nooit

met/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

met UDF gereël om enige begrafnis te reël nie.

Op altwee, hierdie een en die vorige een, was daar baniere gewees? -- As ek mooi onthou by die eerste begrafnis was 'n banier "We are not fighting. We only come to bury our brother."

Is dit nie "our hero" nie? -- Nee, nie "our hero" nie.

Is jy seker daarvan? -- Dit is wat ek kan onthou.

Is jy seker, vra ek jou? -- Ja, ek is seker daarvan.

Enige ander baniere? -- Die tweede begrafnis van Makhoko, daar was 'n banier "Asseblief moet nie skiet nie. Ons baklei nie." By die derde begrafnis was daar nie 'n banier nie.

Was daar elke keer net een banier op 'n begrafnis gewees? -- Dit is korrek.

Was daar nie UDF baniere nie? -- Daar was nie UDF baniere daar nie.

Jy besit mos hierdie baniere. Is dit reg? Of jy het dit besit? -- Ek het in 1986, laat in 1986 het ek vir myself 'n banier gemaak.

Self vir jou wat gemaak? -- 'n Banier laat maak.

HOF : Dit is 'n UDF banier? -- Dit is 'n UDF banier.

MNR. JACOBS : Net een? -- Dit is twee.

Hoekom het jy nie vir die hof gesê twee nie? Hoekom moes jy nou eers gevra word van die tweede een? -- Ek sê baniere.

Het jy nie hierdie baniere reeds gehad op hierdie tyd al wat jy begin belang stel het in UDF en UDF T-hempies gekry het nie? -- Nee.

U sê u het hom self laat maak? -- Dit is korrek.

Waar? -- Ek het 'n vriend wat 'n skilder is, 'n tekenaar

en/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

en hy het dit vir my geverf.

Waar is dit? In Seeisoville? -- Die vriend van my?

Ja? -- Dit is in Brentpark daar waar ek woon.

Wie is hy? -- Dit is ŉ mnr. Rabie.

Op hierdie tweede begrafnis, kan jy vir die hof sê of daar vryheidsliedere gesing was? -- Daar was ook nie vryheidsliedere gesing by die tweede begrafnis nie.

HOF: Is Senzeni na gesing? -- Weer eens was Senzeni na gesing op pad begraafplaas toe.

MNR. JACOBS : Al die pad? -- Nie die hele pad nie. Dit was keer op keer. Daar was onderbrekings, mense het stil gebly en dan weer gesing.

Het jy geloop op hierdie geleentheid of het jy weer met jou motor gery? -- Op hierdie geleentheid het ek gestap.

Hoekom? -- Ek het dit so gevoel dat daar grootmense is wat te voet stap en ek het ŉ bestuurder gekry om my motor te bestuur dat die ouer mense my motor gebruik.

Het jy by die voorpunt van hierdie optog gestap? -- Ek het nie aan die voorpunt gestap nie, tussen die voorpunt en die middel.

HOF : Dit is nou aan die einde van die eerste kwart van die stoet? -- Nee, dit is aan die begin en in die middel van die begin.

Ja-nee, maar ek wil graag weet waar het u geloop? Jy kan hom opdeel in vier kwarte. Vier stukke. Waar het u geloop? -- In die eerste kwart.

MNR. JACOBS : Was daar ŉ lykswa hierdie keer? -- Ja, daar was ŉ lykswa teenwoordig.

HOF : Is hy gebruik? -- Hy is gebruik.

MNR. JACOBS/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

MNR. JACOBS : Soos die stoet beweeg het, het mense aangesluit op die pad by hierdie begrafnisstoet wat nog saam gegaan het? -- Nee, nie wat ek gesien het nie.

Maar dit is moontlik? Is dit reg? -- Ja, moontlik.

Was daar ander mense met T-hempies gewees? -- Ek het daar mense opgelet met UDF T-hempies.

Ander T-hempies? -- Nee, daar was nie ander T-hempies nie.

Is dit nie so nie u het hierdie geleentheid op die masjienkap van die lykswa gesit? -- Ek stem nie saam dat ek op die masjienkap van die lykswa gesit het nie.

Waar het u gesit? -- Ek het aan die linkerkant van die lykswa gesit, nie in die middel op die masjienkap nie.

HOF : Het hy ŉ modderskerm? -- Hy het ŉ modderskerm.

Maar is dit nou ŉ outydse kar dat hy so los modderskerm het of is sy modderskerm deel van die kap? -- Ek neem aan dat dit twee dele of drie dele is. Dit is die modderskerm en dan is dit die kap en dan is dit nog ŉ modderskerm.

Waar het u gesit? -- Ek het op die linkerkantste modderskerm gesit.

MNR. JACOBS : Hierdie modderskerm, soos die hof vir jou gevra het, is dit die ou tipe lykswaens waar die modderskerm heeltemal apart is of is dit aan mekaar? -- Hy is nie aan mekaar nie.

Net terloops, by die derde begrafnis, het jy ook daar op die lykswa gery? -- Nee.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Het u van die huis af begraafplaas toe - u het eers gestap en toe het u gery? -- Ja.

En op die pad terug? -- Op die pad terug het ek gestap.

Die hele pad? -- Ja, die hele pad.

MNR. JACOBS : U was nie nog moeg gewees nie? -- Nee, ek

was/..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

was nie moeg gewees op daardie stadium nie.

Is dit reg dat nadat die begrafnis afgehandel was, is julle toe nou terug na die woonbuurt toe? -- Ja, dit is korrek.

En daar toe julle by die ingang van die woonbuurt kom, toe was julle nog ꞌn groot groep gewees. Is dit reg? -- Ons het uit die begraafplaas uit beweeg en gewoonweg soos begrafnisgangers gestap.

Was julle nog ꞌn groot groep gewees? -- Dit was nie ꞌn groot groep nie.

Hoe groot sou u sê was die groep? -- Daar was omtrent honderd tot honderd-en-vyftig mense op daardie stadium.

Waar was die ander mense toe? -- Die ander mense is nog besig om in te kom.

HOF : Agter u? -- Agter ons.

MNR. JACOBS : Het die polisie toe nie daar vir julle gesê dat die honderd-en-vyftig plus mense van julle moet nou uit mekaar uit gaan nie? -- Nee, die polisie het nie met ons gepraat nie.

Die begrafnis was nou verby gewees. Hoekom het julle nie self uit mekaar gegaan toe julle nie so ꞌn groep gevorm het nie? -- Volgens ons geloof gaan ons na die huis van die oorledene na ons hom begrawe het om ons hande te was en om te gaan eet.

Wie se geloof is dit nou? -- Dit is ons swartmense se geloof.

Is dit nou nie kleurlinggeloof nie, maar swartmense se geloof? -- Soos ek gister in die hof verduidelik het, dat ek glo dat ek deel is van die swartmense.

Maar was dit nou eintlik ꞌn swartmenstradisie gewees?

Ja/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

-- Ja, dit is ons tradisie.

En eintlik nie kleurlinge se tradisie nie? Die hande was storie? -- Almal.

Nou goed, dit antwoord nou nog nie my vraag nie. Al wou julle nou gaan hande was het, julle het geweet daar is 'n verbod dat mense groepe moet vorm, bymekaar moet wees wat die landdros gegee het en julle sien die polisie daar, hoekom het julle nie vanself uitmekaar gegaan nie, al loop julle dan almal afsonderlik na die oorledene se huis toe? -- Nee, maar ons was klaar met die begrafnis gewees en ons het alles gedoen wat die landdros van ons verwag het en ons was besig om na die oorledene se huis terug te keer.

Maar julle is mos nou in 'n groep en groepe moet nie gevorm word nie, volgens die bevel? -- 'n Groep is iets anders. Mense wat besig is om te stap is iets anders. Ons het nie in groepe in geloop nie.

Die persoon wie se begrafnis dit was hierdie dag, wanneer is hy dood geskiet? -- Ek is nie honderd persent seker of hy met die eerste begrafnis dood geskiet is en of hy voor die tyd dood geskiet is nie. Ek is nie honderd persent seker nie.

Maar hoe is jy dan nie seker nie? Jy is dan die man wat al die reëlings getref het en wat mos nou weet wat daar aangegaan het? -- Ek het dit onmoontlik gevind om nog sulke informasie te vra van die oorledene.

<u>HOF</u> : Kon hy nie ook op die 11de dood geskiet gewees het nie? Een van die mense wat op die 11de dood geskiet gewees het? -- Dit kan moontlik wees.

<u>MNR. JACOBS</u> : Jy sien, toe die polisie vir julle waarsku om uit mekaar te gaan, toe het julle die klippe opgetel

daarso/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

daarso en die polisie met klippe gegooi? -- Ek stem nie daarmee saam nie.

Toe het die polisie julle uit mekaar uit gedryf met die rubberkoeëls en met traanrook? -- Ek stem nie daarmee saam nie.

Het die polisie nie rubberkoeëls en traanrook gebruik daaren julle uit mekaar uit gedryf nie? -- Soos ek reeds gesê het het ek nie 'n rubberkoeël gesien nie. Ek het traangas gesien.

Is dit reg dat hierdie persoon Wolf is by daardie geleentheid dood geskiet? -- Op die begrafnis van - die tweede begrafnis van Makhoko.

Daar by die ingang van die dorp in die skermutseling? -- Ja.

Is hy geskiet met 'n rubberpatroon? -- Soos ek verneem het was hy met 'n rubberkoeël dood geskiet.

So, by daardie geleentheid was daar dan sekerlik rubberkoeëls gebruik as hy daarmee dood geskiet is? -- Soos ek reeds gesê het praat ek iets wat ek gesien het. Ek het gesien dat die polisie traangas gebruik.

Ek wil net vir jou ten aansien van die eerste begrafnis, die feit dat jy sê die polisie sonder waarskuwing opgetree het ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Watter begrafnis is ons nou by?

MNR. JACOBS : Terwyl ek hier by die waarskuwings is, wil ek sê in altwee gevalle het die polisie julle gewaarsku om uiteen te gaan? -- Ek stem nie saam nie.

HOF : Dit is nou die 18de en die 21ste?

MNR. JACOBS : Die 18de en die 21ste. U sien oor die begrafnis van die 18de is hier 'n dokument ingehandig deur die

verdediging/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

verdediging, dit is die Star van 19 Februarie 1985 en in hierdie berig wat daar is word daar gesê in paragraaf 2 "Police told a group of mourners to disperse and fired rubber bullets and tearsmoke canisters into the crowd." -- Ek stem nie saam met daardie verslag nie. Ek dra nie kennis van daardie verslag nie.

So, dit is dan eintlik ʼn verkeerde verslag daardie. Hy het nie korrekte inligting nie? -- Ek sal so sê.

En dit is ook nie reg dat daar in die "crowd", in die menigte in geskiet is nie? -- Daar was geskiet op ons.

Nie ʼn "crowd", ʼn menigte nie? -- Tussen die begrafnisgangers was dit geskiet.

Dit is nou op die 18de? -- Dit is op die - ja. Die eerste begrafnis, ja.

Tussen die begrafnisgangers in geskiet? -- Dit is reg.

By die graf? -- Daar was op ons geskiet, vyftien of twintig persone wat daar was en die persone wat uit beweeg het in die lokasie in.

Die begrafnis van 27 Februarie 1985, na die begrafnis van die 27ste, toe u by die ander huis weggekruip het, het die polisie huise daar deursoek? -- Ek het nie opgelet dat die polisie huise deursoek daar nie.

U sien, want die polisie het getuig in die nabyheid van die oorledene daar is die huise deursoek daar deur die polisie na die begrafnis of die aand se kant? -- Ek dra nie kennis daarvan nie.

En toe is daar petrolbomme by julle huis gekry? -- Ek dra nie kennis daarvan nie.

U sien, ek wil dit aan u stel dat u het op ʼn stadium die jong mense - in die organisasies van die jong mense,

het/...

het u hulle geleer om petrolbomme te maak en u het op hierdie begrafnis van 27 Februarie in u motor petrolbomme soontoe gevat? -- Ek moet uit alle respek aan die hof sê dat ek weet nie hoe word 'n petrolbom gemaak nie. Dit sal vir my baie snaaks wees om iemand anders te leer hoe 'n petrolbom gemaak word en ek weet self nie hoe word 'n petrolbom gemaak nie.

Kan u onthou dat hierdie oorledene Wolf wat op die 27ste begrawe is, is 'n paar maande later doodgery deur 'n bus? -- 'n Paar maande nadat hy begrawe is?

Ja, 'n paar maande na hierdie begrafnis? -- Soos ek reeds gesê het, was ek aangehou van 28 Februarie na die begrafnis van Wolf .

Kan u onthou of die polisie - hoe laat het die polisie daar gekom wat u beweer hulle het sommer sonder rede op die mense wat hande gewas en geëet het na die begrafnis geskiet het? Hoe laat was dit? -- Van watter begrafnis praat u nou?

Wolf se begrafnis? Dit is 27 Februarie? -- Soos ek gesê het was daar nie 'n etery na die begrafnis nie. Ons het voor die tyd, mense het voor die tyd geëet.

Na die tyd het u gaan hande was daar? -- Soos ons gewoonte is.

Was daar baie mense gewees daar? -- Toe ek daar opgedaag het, was daar 'n paar mense.

En na u nou hande gewas het, het u geloop? -- Ek het onmiddellik geloop.

Het daar niks gebeur nie? -- Niks gebeur nie.

Het u kennis gedra dat op daardie dag is polisie se huise afgebrand? -- Soos ek aan die hof gesê het het ek die volgende dag, die 28ste, gehoor van die voorval.

Die polisiehuise wat afgebrand is, hoe ver is dit van

hierdie/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

hierdie huis van die oorledene af? -- Ek weet nie, want ek was nooit in die lokasie tot daardie dag nie.

Was dit na die begrafnis van die 21ste toe die polisie na die tyd by die huis gekom het en julle weer so uitmekaar gedryf het toe julle hande gewas het? -- Stel die vraag weer, asseblief?

Was dit na die begrafnis van 21 Februarie toe die polisie so by die huis aangekom het na die begrafnis en die mense so met traanrook uitgedryf het? -- Dit is korrek.

Hoeveel mense was daar gewees? -- As ek moet skat was ons omtrent agthonderd tot negehonderd mense. Die ander mense het nog aanbeweeg.

Hoekom het die polisie die mense uitmekaar gedryf? Weet jy? -- Ek dra geen kennis nie.

Was die mense in die straat gewees? -- Die mense het van die tafel waar daar opgeskep word in 'n ry gestaan tot op die sypaadjie van die betrokke huis.

Ek sou dink dit moes eintlik baie verder gestaan het as tot op die sypaadjie as dit agthonderd mense omtrent is? -- Ek sê op die betrokke sypaadjie van die mense en aan.

En aan? So, daar was baie mense in die straat ook? -- Nie in die straat nie, op die sypaadjie.

Maar is die sypaadjie nie deel van die straat nie? -- Ek dink dit is deel van die erf.

Is dit buitekant die perseel of binne-in die perseel? -- Buite die perseel.

So, dit is waar die publiek loop? -- Ja, dit is reg.

Was jy ook self buitekant in die straat? -- Ek was binne-in op die perseel.

Het jy gesien toe die polisie skiet daarso? -- Ek het gesien/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

gesien.

Ek verstaan jy het net die traanrook gevoel of geruik? -- Soos ek sê het ek die polisie gesien 'n straat ver van die oorledene, daar waar ons besig was om te wag vir ons kos.

Ek wil dit aan u stel dat u is 'n persoon wat polities georiënteerd is en die mense in Seeisoville en ook in die kleurlinggebied organiseer daarso? -- Ek sal nie saamstem nie.

En dat u ook organisasie gedoen het vir verskillende organisasies daar in daardie gebied, organisasiewerk gedoen. Het u daar 'n Release Mandela Campaign-tak gehad? -- Ek stem nie daarmee saam nie. Nog nooit nie.

Was daar 'n tak van Parents Detainees Committee in Seeisoville gewees? -- Nee.

Weet u iets van 'n Committee of Ten daar in Seeisoville? -- Dit is die eerste keer wat ek hoor van 'n Committee of Ten

Kom ons gaan net 'n bietjie verder. Op die 21ste - 1ste was daar .. (Hof kom tussenbei)

HOF : 1 Januarie 1984?

MNR. JACOBS : 1984, was daar by jou huis in Seeisoville 'n vergadering gehou wat bygewoon was deur beskuldigde nr. 20?

HOF : Is sy huis in Seeisoville?

MNR. JACOBS : In die kleurlinggebied. -- In Brentpark.

HOF : Wat se vergadering?

MNR. JACOBS : Waar daarso 'n Committee of Ten gekies was? -- Ek stem nie daarmee saam nie.

Was beskuldigde nr. 20 daardie dag daar by jou gewees? -- Nee, hy was nie.

En ek wil dit aan u stel dat die lede van daardie "committee" is Dennis Bloem, dan is daar G. Bloem en J. Bloem, Puppy Buffel, Eugene Januarie, Koos Fisher, Naas Baco, Moses

Seekoei/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Seekoei, Jacob Tlelima, Sakkie Oliphant en Norman Petrus. Die Committee of Ten was juis gekies om die UDF se belange te bevorder daar in daardie gebied? -- Ek dra nie kennis van 'n soortgelyke vergadering wat in my huis gehou was nie.

En dat die Committee of Ten gekies was in Brentpark? -- Nee.

Ken jy hierdie mense wat ek genoem het? -- 'n Paar van hulle ken ek.

G. Bloem, is dit familie van jou? -- Dit is my broer.

Waar is hy nou? -- Hy is Grahamstown nou op die oomblik.

Is hy in Grahamstad? -- Ja.

Is dit nie so dat 'n sekere organisasie op 'n stadium vir hom geld beskikbaar gestel het ten opsigte van aanhoudings en daardie goed nie? -- Nee.

En J. Bloem? -- Daar is baie J. Bloems. Ek weet nie van watter J. Bloem word nou gepraat nie.

Puppy Buffel? -- Puppy Buffel ken ek goed.

Woon hy ook daar? -- Hy woon in Brentpark.

Eugene Januarie? -- Eugene Januarie ken ek nie.

Koos Fisher? -- Koos Fisher ken ek.

Van Brentpark? -- Van Brentpark.

Naas Baco? -- Ek ken hom.

Ook van Brentpark? -- Ook van Brentpark.

Moses Seekoei? -- Nee.

En dan Jacob Tlelima? -- Nee.

Sakkie Oliphant? -- Ek ken hom.

En Norman Petrus? -- Ek ken hom.

Behalwe vir die verkiesing wat u sê wat in 1984 plaasgevind het en waar u dan UDF pamflette en plakkate opgeplak het, het u enige ander pamflette rondgeneem vir verspreiding?

Nee/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

-- Nee, sover as wat ek kan onthou het ek nie ander pamflette versprei nie.

Met die verkiesing van - die pamflette wat u gehad het, wat se pamflette het u gehad? -- Dit was net UDF News.

O, dit was nie pamflette nie, maar dit was 'n publikasie UDF News? -- Ja, dit is reg.

Hoeveel van hulle het u ontvang? -- As ek mooi onthou was dit omtrent driehonderd pamflette.

En van wie af het u hulle ontvang? -- Ek het dit van beskuldigde nr. 20 ontvang.

En wat was die opdrag, wat moes jy met hierdie driehonderd Newses maak? -- Die opdrag was dat ek dit moet uitgee aan die mense.

Waar? -- In die kleurlingwoonbuurt.

Net in die kleurlingwoonbuurt? -- Dit is korrek.

Het u hulle uitgegee? -- Ek het hulle uitgegee.

Dit was nou 'n publikasie gewees, maar pamflette, wat se pamflette het u ontvang? -- Ek kan nie onthou van pamflette wat ek ontvang het nie.

U het geen pamflette ontvang nie? -- Pamflette wat ek kan onthou, dit is nie 'n pamflet nie, dit was die deklarasie van die United Democratic Front.

Was dit in pamfletvorm gewees? -- Ja, dit was omtrent die grootte van hierdie.

HOF : Foliovel? -- Ja.

MNR. JACOBS : Hoeveel van hulle het jy ontvang? -- Dit was omtrent twintig, vyf-en-twintig.

Was hulle dieselfde tyd ontvang as wat u die driehonderd UDF Newses ontvang het? -- Ja.

Wat nog? Is daar enige ander pamflette wat u ontvang het/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

het? -- Nee.

Enige ander dokumente, plakkate of iets? -- Ek het plakkate gehad.

Wanneer? -- Tydens die verkiesing van die sogenoemde kleurling- en indiërverkiesing.

Dieselfde tyd wat u die UDF News en die UDF deklarasie ontvang het? -- Dit is reg.

Wat het u met die plakkate gemaak? -- Ek het die plakkate self opgeplak in die woonbuurt.

Het u enige van die plakkate gemonteer op kartonne en mense gekry om dan rondgedra te word? -- Nee.

Was enige van hulle op kartonne gemonteer? -- Ja.

Hoekom? -- Omdat ek dit op 'n draad wou plak.

Het u hulle toe op 'n draad geplak? -- Ek het dit op 'n draad geplak.

Almal? -- Nie almal nie.

Hierdie UDF plakkate - was dit UDF plakkate gewees? -- Ja, dit was.

Wat het daarop gestaan? -- Daar het op gestaan "Do not vote in the coloured election."

Nog? -- Die ander was geskryf "UDF says no apartheid."

Nog? -- Nee, dit was die plakkate.

Hierdie plakkate, waar het u hulle gekry? -- Beskuldigde nr. 20 het ook vir my die plakkate gegee.

Het hy daar na u huis toe gekom met hierdie plakkate? en dit vir u daar gebring? -- Beskuldigde nr. 20 het dit nie na my huis toe gebring nie. Hy het dit by hulle huis gelos in die lokasie en 'n boodskap vir my gestuur dat ek dit daar moet optel.

So, jy het hom nie eers gesien nie? -- Ek het hom nie

gesien/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

gesien nie.

Het hy nie met 'n rooi motorkar gery nie? -- Ek het hom 'n lang tyd na dit gesien met 'n rooi motor ry.

Nee, toe die plakkate daar by jou gekom het? -- Nee.

Het u nie die motor gesien waaruit hy die plakkate gehaal het toe hy dit uithaal nie? -- Nee.

En dat jy gesien het daar is nog baie ander nie? -- Nee.

Die drie, dit is nou die plakkate wat u beskryf het, die UDF Newses en die deklarasie, was dit al wat hy gebring het? -- Dit was al wat ek kan onthou.

Het u ooit op enige ander stadium enige ander publikasies gekry by beskuldigde nr. 20 omte versprei in daardie distrik? -- Sover ek onthou het beskuldigde nr. 20 nie vir my ander pamflette gegee nie.

Het hy nooit SASPU National koerante na jou toe gebring of publikasies nie? -- Die SASPU National het ek by SACC se kantoor gekry.

Ek vra nou van beskuldigde. Het u die SASPU National van beskuldigde gekry? -- Nee.

Wie is SACC? -- Suid-Afrikaanse Raad van Kerke.

Het u soontoe gegaan om daarso publikasies te gaan haal? -- Dit was tydens 'n besoek wat ek aan beskuldigde nr. 20 toe ek in Johannesburg was gebring het.

Wanneer was dit? -- Ek kan nie meer onthou wanneer dit was nie.

Het u hom gesien by daardie geleentheid? -- Ek het hom nie gesien nie.

So, u het nie by hom SASPU Nationals gekry nie? -- Nee, ek het nie.

Hoekom het jy daardie - hoeveel SASPU Nationals het

jy/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

jy gevat? -- Ek kan nie meer onthou wat die getal was nie, maar dit was nie baie nie, want ek moes hulle gekoop het.

En dan moes jy dit weer verkoop? -- Dan moes ek dit weer verkoop.

Hoeveel het jy betaal? -- As ek reg onthou was die prys 30c destyds.

Was dit meer as twintig SASPU Nationals wat jy gekoop het? -- Dit kan omtrent tien tot vyftien wees.

Hoekom het jy so baie van hulle gekoop? -- Om weer te verkoop.

Hoekom? -- Ek voel en ek dink dat nie net ek alleen moet lees nie, maar ander persone ook moet lees.

Wat moet hulle lees? -- Koerant.

Politieke koerant? -- Ek het dit nie ingesien as 'n politieke koerant nie.

Het jy ooit eksemplare of 'n eksemplaar van The Eye van beskuldigde nr. 20 gekry? -- Ek het dit ook nie van beskuldigde nr. 20 gekry nie. Ek het dit by dieselfde kantoor gekry.

Hoeveel van The Eye het u gekry? -- Dit kan ook dieselfde getal wees as ek onthou. Ek praat onder korreksie.

Moes u ook vir hulle betaal? -- Ja.

HOF : Wanneer was dit nou wat u die goed gekry het? -- Ek is nie seker of dit na die kleurling- en indiërverkiesing was nie. Ek dink dit is in dieselfde jaar.

MNR. JACOBS : Wie het jy gekry om vir jou die UDF Newses - die driehonderd UDF News, moes jy vir hulle betaal? -- Nee, ek het nie.

Wie het jy gekry om hulle vir jou te versprei? -- Ek het dit self versprei.

Hoe/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Hoe? -- Ek het rondgestap en dit versprei in die strate.

En die UDF deklarasies? -- Ek het dit ook self versprei.

En hierdie koerante SASPU National en The Eye? -- Ek verkoop hulle uit my winkel uit.

Het jy nog enigiets verder by die SACC gekry? -- Ek kan nie onthou of ek enigiets gekry het nie.

Het jy enige ander pamflette daarna weer gekry by beskuldigde nr. 20 of by enigiemand anders? -- Ek is nie seker daarvan nie.

Het julle enige bespreking gevoer op 'n stadium voor dit tussen jou en beskuldigde nr. 20 omtrent die verkiesing en dat hy vir jou pamflette sal gee? -- Nee.

En plakkate? -- Beskuldigde nr. 20 het nooit met my oor die verkiesing gepraat nie.

Hoe is dit dan dat hy daardie goed vir jou daar los en 'n boodskap gee jy moet dit net gaan kry? -- Omdat beskuldigde nr. 20 baie gewoond is aan my, glo ek dat hy die pamflette daar gelos het en 'n boodskap na my toe gestuur het.

Ken jy 'n skolier met die naam van Michael Molotsi? -- Nee.

Het jy nie hom gebruik om van hierdie goed te versprei vir jou nie? -- Ek het niemand gebruik om pamflette te versprei nie. Ek het dit self gedoen.

Het jy nie vir hom gevra om van die pamflette en stukke te neem na die onderwysers toe en dit te gee aan die onderwysers nie? -- Nee, dit is die eerste keer wat ek dit hoor.

Kan u onthou dat op 'n stadium het die polisie u kom sien oor hierdie pamflette en dinge wat daar versprei was deur hierdie kind? -- Ek kan nie onthou nie.

Het hulle jou nie daaroor kom spreek en het jy 'n

verklaring/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

verklaring gemaak aan die polisie nie? -- Ek kan dit nie onthou nie.

Hoe kan jy dit nie onthou nie? -- Soos ek sê ek het nog nie ŉ verklaring gemaak aan die polisie nie.

Het die polisie jou nie kom vra, hier kry jy nou pamflette oor die UDF wat jy versprei daar en jou kom vra daaroor nie? Kan jy dit nie onthou nie? -- Die polisie het my op verskeie kere oor pamflette en plakkate ondervra. Daarom sê ek hierdie spesifieke tyd wat u nou noem kan ek nie onthou nie.

HOF VERDAAG. HOF HERVAT.

K1178 DENNIS VICTOR BLOEM, nog onder eed

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : Mnr. Bloem, ek wil dit aan u stel ten aansien van daardie plakkate wat u van beskuldigde nr. 20 ontvang het en die pamflette het u ŉ beëdigde verklaring gemaak aan die polisie? -- Ek stem nie daarmee saam dat ek ŉ beëdigde verklaring gemaak het nie.

Het u darem ten minste ŉ verklaring gemaak? -- Ek het ŉ verklaring gemaak - nie ŉ verklaring gemaak nie, vrae was aan my gestel en ek het geantwoord daarop.

Het u dit geteken? -- Ek kan nie onthou of ek dit geteken het of nie.

Ek wil dit aan u stel u het ŉ verklaring gemaak en dit onderteken dit is beëdig? -- Ek dra nie kennis dat ek enige beëdigde verklaring gemaak het voor enigiemand nie.

En agterna was dit weer aan jou oorgelees toe jy dit geteken het? -- Ek het nie ŉ beëdigde verklaring gemaak nie.

Kyk net na hierdie dokument en sê vir die hof is dit jou handtekening wat daarop voorkom? -- Ja.

Dit is ŉ verklaring en dit begin met "Dennis Victor

Bloem/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Bloem, 37 Henniestraat, Brentpark en Palladium Kafee, 34 Fisher Street Brentpark. Telefoonnommer is 2 2614 by die huis. Verklaar onder eed." Dan begin dit "Op 1983-11-18 om ongeveer 05h30 terwyl ek nog by my huis was het swartman Mosiuoa Lekota daar opgedaag." Is dit reg? -- Ja.

Het jy so gesê? -- Ek het nie so gesê nie.

"Hy het aan my 'n pak geel foliogroottee UDF pamflette oorhandig om in Brentpark te versprei." Is dit reg? -- Nee, dit is nie.

"Hy het ook aan my ses-en-twintig SASPU National koerante en een The Eye koerant gegee ook om in Brentpark te versprei." Is dit reg? -- Dit is nie reg nie.

Het jy vir die polisie dan nie die waarheid vertel nie? -- Ek het nie vir die polisie hierdie dinge vertel wat hierop staan nie.

Het jy nie vir hulle vertel waar het jy die pamflette gekry nie? -- Ek het die polisie vertel waar ek dit gekry het.

So, die polisie het hierdie sommer alles uit hulle duim gesuig wat hulle hier geskryf het? -- Ek neem so aan.

Het jy nie agterna gelees voor jy geteken het nie? -- Ek het nie gelees nie.

Hoekom nie? -- Hulle het nie vir my gesê dat ek moet lees nie.

Het jy nie gevra nie? -- Ek dink dat dit die polisie se werk is en dat hulle vir my moet sê om te lees.

"Ek het die pamflette en koerante in ontvangs geneem en na my winkel geneem." Is dit reg? -- Nee.

Jy het hulle ook nie na jou winkel toe geneem nie? -- Nee, ek het nie.

Niks uit jou winkel uit verkoop nie? -- Ek het koerante

uit/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

uit my winkel verkoop, nie hierdie spesifieke goed wat hier is nie.

Dan gaan ons na die volgende een "Lekota het nog baie van die UDF pamflette in sy rooi Toyota Corona voertuig gehad. Die registrasienommer is onbekend maar ek het wel gesien dat dit ŉ nuwe voertuig is wat met permitnommers uitgereik is. Die nommer is egter onbekend. Lekota het my ook meegedeel dat hy op pad Johannesburg toe is. Hy het my nie gesê wat hy met die pamflette gaan maak nie of aan wie hy dit gaan oorhandig nie."

HOF : "Gee gee nie."

MNR. JACOBS : Ekskuus "gaan gee nie." Is dit korrek? -- Nee, dit is nie.

Niks gepraat van ŉ rooi Corona motor nie? -- Nee.

Niks gepraat van pamflette daar in nie? -- Nee.

"Lekota het my nie vooraf laat weet hy kom nie." Het jy dit vir die polisie gesê? -- Ek het nie aan die polisie so gesê nie.

"Ek het van hierdie pamflette ongeveer dertien aan ŉ skolier by name Michael Molotsi gegee en hom meegedeel om dit aan elke onderwyser van Brentpark Laerskool te gee. Ek het hom geen verdere opdragte gegee nie. Ek kan ook nie sê of hy dit aan die onderwysers gegee het nie." Het jy dit gesê? -- Nee.

Jy weet nie eers of jy dit aan ŉ skolier oorhandig het nie? -- Ek weet dat ek dit aan ŉ skolier oorhandig het, maar nie die naam nie.

O, nou weet jy jy het dit aan ŉ skolier oorhandig? -- Dit is reg.

Aan watter skolier het jy dit oorhandig? -- Een van

die/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

die Brentpark Laerskool se studente.

Watter een? Wat is sy naam ? -- Ek is nie bewus - daar kom so baie studente in die oggend by my winkel dat ek nie kan onthou aan wie ek dit gegee het nie.

So, jy het beslis aan 'n skolier van Brentpark Laerskool pamflette gegee om aan onderwysers te gaan oorhandig? -- Dit is korrek.

En die pamflette, waar het jy hulle gekry? -- Die pamflette was deel van dié wat mnr. Lekota by sy ma gelos het.

So, dan is dit nie reg dat jy het hulle persoonlik gaan uitdeel en geloop van huis tot huis om dit uit te deel nie? -- Dit was die eerste voorval dat ek daardie oggend dit vir 'n student gegee het om skool toe te neem.

Hoe bedoel jy nou die eerste voorval? Is dit die eerste keer wat jy pamflette gekry het of was dit die tweede geleentheid wat jy pamflette gekry het en toe 'n skolier gebruik het of wat bedoel jy, want ek verstaan van jou, die eerste besending, om nou die hele klomp te noem, het jy persoonlik self versprei? -- Ek het verskeie pamflette al gehad wat ek self versprei het.

Wat u van UDF af gekry het? -- UDF of enige ander pamflet.

Kan jy onthou dat ek voor ete vir jou gevra het behalwe daardie wat ons genoem het of jy ander gekry het om te versprei en jy kon nie vir ons sê nie? -- U handel oor UDF pamflette.

Ek het gepraat van enige pamflette? -- Ek het op die bestuurskomitee gedien op Brentpark en ek het verskeie pamflette ook versprei van die bestuurskomitee op Brentpark.

Na watter pamflette verwys u hier wat u versprei het? Laat ons hoor, wat u vir die kind gegee het om te versprei? -- Dit was UDF pamflette.

Wanneer/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Wanneer het u hulle ontvang? -- Ek is nie seker wanneer ek dit ontvang het nie.

Van wie het u dit ontvang by UDF? -- Dit was deel van dié wat ek by mnr. Lekota se huis gaan haal het.

Dan stel ek dit nou weer aan u, dan was u nie korrek gewees toe u gesê het dat u het self die verspreiding van die pamflette gedoen wat u by mnr. Lekota se huis ontvang het deur van huis tot huis te loop? -- Soos ek reeds al gesê het het ek die pamflette self versprei. Hierdie is die eerste voorval dat ek vir 'n student pamflette gegee het om skool toe te neem.

Hoekom het jy nie netnou vir die hof gesê dat jy het ook 'n student gebruik om van hulle te versprei nie? -- Ek glo dat dit my geheue ontgaan het.

Jou verklaring het nou jou geheue verfris. Is dit reg? -- Ja, dit is reg.

So, ten minste het jy darem vir die polisie hierdie deel reg gesê? Hulle het darem hierdie deel reg geskryf behalwe dat jy sê die naam is nie reg nie? -- Ek het aan die polisie niks gesê nie.

Hoe sou die polisie geweet het jy het vir 'n skoolseun pamflette gegee wat jy by beskuldigde nr. 20 gekry het om te gaan versprei? -- Die polisie het dit aan my gestel. Hulle het vir my gesê.

Kom ons gaan aan na die sesde paragraaf toe. "Ek het nog nie die koerante versprei nie." Is dit reg? -- Die koerante was nog al die tyd in my winkel in.

Is dit reg wat hier geskryf is? -- Ja.

Is dit soos jy dit gesê het ook? -- Ek het niks gesê nie.

Het/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Het jy niks gesê vir die polisie nie? Het jy geen verduideliking hoegenaamd gegee nie? -- Die polisie het die koerante in my winkel gekry.

Hoekom antwoord jy nie my vraag nie? Het u geen verduideliking hoegenaamd vir die polisie gegee oor die pamflette wat u gehad het nie? -- Ek het niks aan die polisie gesê nie.

"Ek het die res van die UDF koerante en pamflette in my winkel gelaat totdat die polisie daar beslag gelê het." Is dit korrek? -- Dit is korrek.

"Ek is vertroud met die inhoud van hierdie verklaring en begryp dit. Ek het geen beswaar teen die aflê van die eed nie. Ek beskou die eed as bindend op my gewete." Het dit gebeur? -- Nee.

En toe is jou handtekening daarop aangebring en dit is ook geteken deur kaptein Heystek wat die eed geneem het. Is dit reg? -- Laat ek sê waarom ek my handtekening op hierdie bladsy aangebring het. Kaptein Heystek het my gedw... - het my gedreig met aanhouding as ek nie gaan teken daarop nie. Hy het my nie gevra dat ek die verklaring moet deurlees nie.

Hoekom het jy nie netnou vir die hof vertel dat jy so gedreig was as jy nie teken nie? -- Die vraag was nog nie aan my gestel nie.

Maar dit was tog gevra of jy die ding geteken het en of dit jou handtekening is. Hoekom het jy dit toe nie aan die hof verduidelik nie? -- Ek het geantwoord dit is my handtekening. Die vraag is of dit my handtekening was of nie. Ek het saamgestem dit is my handtekening.

So, alles wat hier op hierdie verklaring staan sê u

nou/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

nou het hoegenaamd niks te doen gehad of was hoegenaamd glad nie deur jou gesê nie. Jy het geen verklaring hoegenaamd gemaak nie? -- Ek het nie ŉ verklaring gemaak nie.

Of enige verduideliking hoegenaamd gegee nie? -- Ek het nie ŉ verduideliking gegee nie.

Ek stel dit aan u dat u is besig om die hof te mislei en leuens te vertel vir die hof? -- Ek stem nie daarmee saam nie.

U edele, ek vra dat hierdie verklaring ingehandig was as BEWYSSTUK CA25. U sien, omtrent jou verbinding met beskuldigde nr. 20 was jy ook nie heeltemal eerlik gewees nie? -- Ek was heeltemal eerlik.

En die rede dat hy na die begrafnis toe kom. Kan u vir ons sê hoekom moes hy die begrafnis bywoon? -- Soos ek dit aan die begin gesê het, het ek gevoel dat beskuldigde nr. 20 ŉ persoon is van Kroonstad en verder het ek gevoel dat as mnr. - beskuldigde nr. 20 teenwoordig was die United Democratid Front meer sal populariseer.

Het jy vir hom gesê dat hy moet kom om die United Democratic Front te populariseer? -- Nee.

Glad nie? -- Ek het hom glad nie dit vertel nie.

Wat het jy vir hom gesê hoekom moet hy kom soontoe? -- Ek het vir hom gesê dat ek voel dat hy die begrafnis - gevra dat hy die begrafnis moet bywoon.

Is dit al? -- Ek het dit vir hom gestel.

Niks verder nie? -- Niks verder nie.

En as hy sê dat u het hom gevra om die begrafnis by te woon sodat hy die UDF daar kan kom populariseer, wat sal u daarvan sê? -- Ek stem nie daarmee saam nie.

Dan vertel hy vir die hof ŉ leuen? -- Ek het dit nie

vir/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

vir hom gesê nie.

U sien, want mnr. Lekota sê die volgende in volume 286 op bladsy 15 741. Dit is van reël 20 af. "When he spoke to me he had raised the issue that it might be to the advantage of the UDF to be seen to be with the people around events of this nature and to share with the people their difficulties." Dit is wat jy vir hom gesê het? -- Soos ek gesê het het ek nie vir beskuldigde nr. 20 - ons het geen gesprek gehad nie. Ek het vir mnr. Lekota uitgenooi na die begrafnis toe.

U sien, ek kan dan u getuienis verder nog minder verstaan, want in u hoofgetuienis het u getuig dat mnr. Lekota het vir jou gesê hy wou die graag die begrafnis kom bywoon? -- Mnr. Lekota het nog nooit gesê dat hy die begrafnis wou bywoon nie. Ek het vir mnr. Lekota uitgenooi. Hy het nie self so voorgestel nie.

En hy het nooit gesê hy wou graag die begrafnis bygewoon het nie? -- Nee.

Wat ek nou vir u gelees het, is u getuienis-in-hoof? -- Ek het in my getuienis gesê dat ek vir mnr. Lekota uitgenooi het en dat mnr. Lekota ingestem het om die begrafnis by te woon.

Nog 'n ander aspek wat ek nou met jou wil behandel in jou getuienis is, dit was in jou hoofgetuienis gewees waar jy gesê het dat die ou man is getref deur die houer van die traanrook toe hy by die kerkhof uitbeweeg het? -- Dit is nadat ek gesê het hulle het om ongeveer honderd-en-vyftig meter van die hek af beweeg.

Ek wil dit aan jou stel dat daar was nooit gemeld van honderd-en-vyftig treë in jou hoofgetuienis nie. Dit het uitgekom in kruisondervraging? -- Ek glo dat ek dit gemeld

het/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

het in kruisondervraging.

En dit is gesê nie toe hy alreeds uit was nie, maar toe hy wou uitgaan. -- Nee.

Dit was jou getuienis. -- Hy was alreeds ongeveer honderd-en-vyftig treë van die hek af.

En dat u ook gesien het toe die kannetjie hom getref het hierso toe hy wou uitgaan? -- Ek het dit duidelik gestel dat ek dit nie gesien het nie.

Maar in jou hoofgetuienis het jy dit gesien? -- Nooit nie.

As dit dan so op die rekord staan, kan u vir die hof sê hoe dit moontlik is dat so iets op die rekord sou kom? -- Ek het dit nie gesê dat ek gesien het nie.

ŉ Ander aspek, het daar in die swartwoongebied in Kroonstad, in Seeisoville of wat ook al die naam is ... -- Maokeng.

Het daar enige raadslede bedank,swartraadslede? -- Dit is korrek.

Hoeveel van hulle het bedank? -- Die persone wat ek ken was drie of vier.

En is dit die drie of vier wat daar op die begrafnis was? -- Dit is reg.

So, dit is mense wat alreeds uit die raad bedank gehad het toe hulle daarso op die begrafnis was? -- Daar is ek nie seker nie.

Het u u eie swaer gewerf vir die UDF? Dit is mnr. Lethae. -- Nadat ek ontslaan was in 1985 het ek ŉ T -hempie aan mnr. Lethae verkoop en mnr. Lethae uitgenooi na ŉ vergadering wat ons gaan hou by my huis.

Het u hom aangemoedig om aan te sluit by UDF? -- Ek

het/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

het hom op geen stadium aangemoedig nie.

As hy so sê, wat dan? -- Ek stem nie saam met hom nie.

Hoeveel van die T-hempies het u verkoop daar? -- Dit kan tussen twintig en dertig wees.wat ek verkoop het.

Het u enige ander T-hempies behalwe van UDF daar verkoop? -- Nee.

HOF : Watter soort winkel het u? Het u ŉ klerewinkel of ŉ kruidenierswinkel? -- Ek het ŉ algemene handelaarswinkel.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Is dit bekend as die Palladium Kafee? -- Dit was bekend as die Palladium Kafee maar die naam is verander op hierdie stadium.

MNR. JACOBS : Is dit toe verander na Dixie Kafee toe? -- Na Dixie's Kafee.

Dixie? -- Dixie Kafee, ja.

Het u ander mense probeer werf om ŉ gebiedskomitee of ŉ areakomitee van UDF op die been te bring in Kroonstad distrik? -- Nee.

Nooit nie? -- Ek het nog nie.

Hoekom het u dan vergaderings gehou? -- Soos ek reeds gesê het het ons een vergadering gehad.

Hoekom het u die een vergadering gehou? Laat ons dit eers behandel? -- Dit was met hierdie doel dat ons verskillende komitees wou gestig het.

Kom ons nou hoor, wat se verskillende komitees wou julle gestig het? -- Daar is jeugkomitees. Ons wou vakbonde, sportsorganisasies, jeugorganisasies en so aan stig.

Jy het nou gepraat van ons wou dit gedoen het. Wie is die ons wat dit wou gedoen het? -- Dit was nou ek en Bizzah Makgathe.

Sou dit nou ŉ vakbond van winkeliers wees? -- ŉ Vakbond

van/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

van verskillende werke.

En hoe sou dit geskakel het of verband gehou het met die UDF? -- Ons het nie enige plan gehad dat dit moet skakel met UDF nie.

Wat se jeugkomitees wou julle gestig het? -- Ons wou kerkjeugorganisasies gestig het. Ons wou sportsjeugorganisasies gestig het.

Nog? -- Dit is wat ek kan onthou.

Wat het julle toe gestig op die stigtingsvergadering? -- Ons het net 'n ad hoc komitee wat bestaan het uit twee lede, myself en Bizzah Makgathe gestig.

Hoekom net twee lede gekies? -- Ons het gevoel, die huis het gevoel dat ons nog nie 'n vaste komitee het dat ek en Bizzah Makgathe alleen op die ad hoc komitee moet dien.

Hoekom? Julle is mos nou besig. Wat se ad hoc komitee was dit nou? -- 'n Ad hoc komitee wat moet sien dat die verskillende komitees gevorm moet word.

Het julle die jeugdiges uitgenooi na hierdie vergadering toe? -- Dit was nie my taak om verskillende mense uit te nooi nie.

Ek verstaan dan nou nie. U en die ander persoon wat u genoem het Bizzah het nou die organisasie geneem, dit was u wat nou gewerk het om hierdie vergadering te reël om hierdie komitees te stig, dit was u planne gewees, wie se taak was dit dan om die mense uit te nooi? -- Soos ek reeds gesê het, het die huis besluit dat dit Bizzah se taak was om die mense uit te nooi.

Watter huis het so besluit? -- Die twintig persone wat teenwoordig was.

Die mense is mos na daardie vergadering toe genooi

en/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

en toe is die huis daar bymekaar. Wie het die organisasie gedoen voor dit? Wie het die mense genooi? -- Dit was ek tesame met Bizzah.

Ja en het julle die jeug uitgenooi? -- Nee, ons het nie die jeug uitgenooi nie.

Hoekom nie? -- Ons kon nie in kontak met hulle tree nie.

Hoekom nie? -- Dit was onmoontlik op daardie stadium.

Ek verstaan nie hoekom dit onmoontlik is nie, hoekom dit so onmoontlik is om die jeug bymekaar te kry? -- Daar is sekere ander dinge wat hulle seker verhoed het of dit onmoontlik gemaak het om hulle uit te nooi.

Maar julle het mos die mense gekontak. Hoekom het julle hulle nie in die hande gekry nie? -- Ek glo nie ek kan weer 'n ander verduideliking gee nie. Dit was onmoontlik om die jeug in die hande te kry.

HOF : Kom hulle nie lekkergoed koop in die winkel nie? -- Soms kom hulle en some kom hulle nie.

MNR. JACOBS : Watter jeug het julle genader wat julle nie kon kry nie of wat weggehardloop het of iets van die aard? -- Bizzah het vir my gesê dat hy die jeug van die swartwoonbuurt genader het of probeer nader het.

So, die jeug van die swartwoonbuurt was belangrik vir hierdie organisasies? -- Ek was verantwoordelik vir die jeug van die sogenaamde kleurlingwoonbuurt.

Maar jy antwoord nie. Die swartjeug was belangrik gewees vir hierdie organisasie? -- Nie eintlik so belangrik nie.

Maar julle het dan beplan om hulle te roep? -- Al die jeug in Kroonstad.

Is dit nie so nie dat die jeugorganisasies van die

swartwoonbuurte/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

swartwoonbuurte het ook dikwels en gereelddin jou Dixie Kafee vergaderings gehou? -- Ek stem nie daarmee saam nie dat daar enige vergadering in my kafee gehou was nie.

Die vakbonde, wie van die vakbonde of mense wat arbeiders is, het jy genooi na hierdie vergadering toe? -- Op daardie stadium was daar nie vakbonde in Kroonstad nie.

Ek sê nie daar was nie. Julle wou mos vakbonde stig. Watter arbeidskringe se mense het julle genooi na hierdie vergadering toe sodat daar vakbonde gestig kan word? -- Ons het verskillende mense indiwiduele genooi na die vergadering toe.

En wat se vakbonde moes hulle stig? By sekere werke, by spesifieke werke of waar? -- By enige werk.

Wat het julle beplan? Laat ons die besonderhede van jou kry, asseblief. -- Daar is verskillende vakbonde wat gestig kan word.

Enige mens kan sê daar is verskillende vakbonde wat gestig kan word. Dit is ŉ algemene ding, maar wat was julle planne, wat se vakbonde moes gestig word? -- Die munisipale werkers moes genader word.

Het julle hulle genader? -- Volgens Bizzah was hulle genader.

Dit lyk my Bizzah moes alles gedoen het? -- Ek het baie werk op daardie stadium gehad. My winkel was in puin en ek het nie tyd gehad om verder te organiseer nie.

Wanneer was dit gewees? -- Dit was nadat ek van aanhouding gekom het.

So, daardie vergadering was gehou nadat jy aangehou was. Is dit nou nadat jy die lang tyd aangehou was? -- Nadat ek artikel 29 vir ses maande aangehou was.

Nie/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Nie voor dit nie? -- Nie voor dit nie.

En hierdie komitee van twee was ook nie gekies voordat jy aangehou was vir ses maande nie? -- Nee.

Het jy enige mense genooi na daardie vergadering toe? -- Ek kan onthou dat ek die metodiste jeug uitgenooi het na daardie vergadering toe.

Het hulle gekom? -- Hulle het nie opgedaag nie.

Die twintig mense wat gekom het daar, kan u vir ons sê, was hulle jeugdiges, was hulle arbeiders, van watter werk-denominasies was hulle? -- Praat u nou van die vergadering van die twintig waar ek en Bizzah as ad hoc komitee gekies was?

Ja? -- Daar was verskillende mense. Daar was arbeiders, daar was werklose mense teenwoordig.

Hoekom is van hulle dan nie ook op die komitee gekies wat daar gekies is nie? -- Soos ek nou verduidelik het, het die huis gevoel dat die komitee te jonk is en dat daar net twee persone nodig was.

Die komitee te jonk is? Wat bedoel u nou daarmee? -- Dit was 'n ad hoc komitee.

Maar daar was nog nie 'n komitee gewees nie. Hy is eers daar verkies. -- Dit is reg.

Nou vra ek vir jou watter komitee was te jonk gewees? -- Dieselfde komitee wat die twintig was. Die huis het besluit met die volgende vergadering gaan ons meer lede kies.

Wat se komitee van twintig lede praat jy nou van? -- Dit is die twintig mense wat by die vergadering was waar die twee lede gekies was.

Wanneer sou die volgende vergadering gewees het? -- Ons het nie besluit op 'n datum nie.

Het/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Het julle enigiets gedoen om ŉ volgende vergadering te hou? -- Ek het van tyd tot tyd met Bizzah Makgathe geskakel maar ons het nie tot op ŉ punt gekom om ŉ tweede vergadering te hou nie.

So, daardie ding het heeltemal dood geloop? -- Ek sal so sê dat dit heeltemal doodgeloop het.

Is die komitee wat daar bestaan het nie die komitee van tien wat julle gestig gehad het nie? -- Nee.

Is dit reg dat u was ook al voorheen skuldig bevind van oproerige gedrag daar in Kroonstad? -- Dit was in 1979.

Nie 1980 , 11/9/80 gewees nie? -- Ek was gearresteer 1979.

Was dit vir oproerige gedrag gewees, oproerigheid daar in die gebied? -- Hulle het my skuldig bevind daaraan.

Wie is Daniël George? -- Daniël George is een van my vriende.

Waar woon hy? -- Hy woon in die swartwoongebied.

Swartwoongebied? -- Dit is reg.

Kom julle baie by mekaar? -- Ons kom baie by mekaar.

Beweeg julle baie saam ook na verskillende plekke toe? -- Ja.

Jy sien, ek wil aan u stel dat op 9 Februarie 1985 het u ŉ vergadering bygewoon by die NG Kerksaal in Seeisoville wat gereël was as ŉ soort vergadering om te besluit of hierdie MASO gestig moes word? -- Nee, ek ontken dit.

En ek stel dit aan u, u was op daardie vergadering en u was ŉ spreker gewees? -- Nee, ek was nie teenwoordig nie en ek weet nie van so ŉ vergadering nie.

En ek wil dit aan u verder stel dat die vergadering - die doel spesifiek was die bespreking van ŉ jeugorganisasie

met/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

met die naam van MASO.

Dit is soos u dit gister gesê het? -- Ek stem nie saam daarmee nie.

Ek stel dit verder aan u u het pamflette op daardie vergadering nog uitgedeel ook? -- Ek stem nie daarmee saam nie.

En wat meer is, u het nog daar R200,00 belowe as hierdie organisasie MASO op die been sou kom? -- Ek dra geen kennis daarvan nie.

U het ook daar aangebied dat u sal vir hulle T-hemde maak of laat maak met die woorde MASO daarop teen R5,00 elk? -- Ek stem nie daarmee saam nie. Dit is nie so nie.

Het jy 'n kontak waar jy T-hemde kan kry? -- Nee, sover as wat ek weet ken ek nie plekke waar T-hemde gebruik word nie.

En ek stel dit op die vergadering het u ook gesê in u toespraak, hulle moet paraat wees om te kan optree teen die polisie en teen die raadslede? -- Ek was nie 'n spreker by die vergadering nie. Ek weet nie van die vergadering nie.

Gedurende September 1985 het jy 'n verbruikersboikot gereël in Kroonstad? -- Ek dra geen kennis daarvan nie.

Nog nooit daarvan gehoor nie? -- Ek het nog nooit daarvan gehoor dat ek verantwoordelik is vir dit nie.

Jy het dit georganiseer. Het jy met enige mense van SASPU National in verbinding getree en aan hulle verslag gedoen oor hierdie boikot? -- Nee.

Was daar in September 1985 'n verbruikersboikot in Kroonstad? -- 1985?

Ja? -- Ek kan nie onthou nie.

Ek wil aan u vra of u hierdie boekie ken. Kyk net daarna. Is dit u boekie? -- Ja, dit is my boekie.

Kyk/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Kyk daar heel onder op daardie eerste bladsy. Word daar van "T-shirts" gepraat? Ek sal dit net inlees. Dit is ȵ lys van name en adresse van organisasies. Dit is die eerste bladsy. Is dit reg? -- Dit is reg.

En dit is ȵ oefeningboek wat jy gebruik het daarvoor? -- Dit is reg.

Buitekant het jy geskryf "Telephone numbers"? -- Ja.

Die eerste kolom wat jy gemaak het op bladsy 1 is "Name". Is dit reg? -- Ja, dit is reg.

Dan tweede daar is die opskrif "Office numbers"? Dit is die telefoonnommers? -- Dit is reg.

Dan in die derde kolom is "After hours" en dit is ook die telefoonnommers van die persone? -- Ja.

En dan die laaste kolom is "Address". Dit is die adres waar hierdie mense gekry kan word? -- Ja.

Heel onder op daardie bladsy 1 staan daarso, die tweede laaste inskrywing is "T-shirt print" met die nommer in die tweede kolom "(011) 29-3906" en dan by die adres staan daar "2nd Floor Athlone - Mooistraat." Daar is nog ȵ ander woord wat ek nie mooi kan uitmaak nie. Dit lyk soso "Corner Kerk en Mooistraat." Kyk net daarna? -- Ja.

So, dit is ȵ plek waar "T-shirts geprint" word? -- Laat ek verduidelik hoe ek aan hierdie adres ... (Mnr. Jacobs kom tussenbei)

Sê net eers vir ons is dit ȵ plek waar "T-shirts" ge-"print" word? -- Dit is reg.

En jy het daardie mense se nommer in jou boekie van adresse wat jy hou? -- Doodreg.

So, jy het dan geweet waar "T-shirts" gekry kan word en waar dit ge"print" kan word?

HOF/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

HOF : U kan maar sê gedruk word.

MNR. JACOBS : Gedruk word.

HOF : Of vervaardig word. -- Ek het in 'n koerantadvertensie hierdie telefoonnommer en adres gesien en as u nou praat van ek wou vir MASO "T-shirts" laat druk het, kan u die veiligheidspolisie vra wanneer hulle hierdie boekie van my af geneem het.

MNR. JACOBS : Die ander name wat daar voorkom - ek kan ongelukkig nie die veiligheidspolisie as getuies roep nie, maar dit staan in daardie boekie van jou. Is dit reg? -- Dit is korrek.

Die ander name, is dit name van verskillende organisasies?

MR BIZOS : Well, I think if the witness is drawn attention to it and the date is on the document, your lordship should be told about the date.

COURT : Eventually you will get your turn.

MR BIZOS : May I have a look at the document?

COURT : Let us first finish the cross-examination and then you can have the book.

MNR. JACOBS : Die ander is organisasies se name wat daarin verskyn. Is dit reg? -- Dit is korrek.

Lees hulle vir die hof van bo af. -- Daniël George, Dennis, Paul, UDF Transvaal, UDF National, DPSC National, KRISH, Priscilla, Bizos, Ismail Ayob, Bishop Tutu, City Press, Sowetan, Star, Black Sash, Kgotliso, Advocate Keetehn, Reverend Chikane, Sister Pat, T-shirts print,Komphela."

Daniël George is die persoon wat u alreeds gesê het wat u vriend is, is dit nie? -- Dit is korrek.

Dennis, wie is dit? -- Ek is Dennis.

So, u het u eie nommer daar ingeskryf? -- Die boekie het/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

het nie aan my behoort tydens die polisie dit daar by my huis gekry het nie.

Ek dog dan dit is u boekie hierdie? -- Dit is in my besit gevind.

Het u dan nie nou-nou gesê uit die koerant uit het u die adres gekry van heirdie "T-shirts print" en dit ingeskryf nie? -- Ek het dit in die boekie geskryf toe ek die adres gesien het, toe ek die advertensie gesien het.

Is dit nie u handskrif op al hierdie inskrywings hier op hierdie bladsy nie? -- Dit is nie my handskrif nie.

En wie is Paul? -- Dit is ook ŉ vriend van my.

Waar woon hy? -- Hy woon ook in die swartwoongebied.

UDF Transvaal, UDF National is dit wat jy daar ingeskryf het? -- Nee, dit is nie my handskrif nie.

Wat maak jy met die boekie? -- Ek het ook van die telefoonnommers benodig, daarom het die persoon vir my die boekie gebring.

Het u dikwels na UDF Transvaal toe geskakel? -- Dit is korrek.

En UDF Nasionaal? -- Dit is korrek.

U het dikwels ook daarheen geskakel? -- Ja.

HOF : Wie se boekie is dit? -- Die boekie behoort aan ŉ sekere Paul Maluka.

Is dit die Paul wat die naam in het? -- Dit is reg, ja.

MNR. JACOBS : En DPSC National, het jy dikwels soontoe geskakel? -- Nee.

Was daar enige aktiwiteite van hierdie organisasie in Seeisoville of in die kleurlinggebied? -- Nee.

En KRISH, wie is KRISH? -- Dit is ŉ prokureur.

HOF : In? Johannesburg? -- In Johannesburg.



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

MNR. JACOBS : En Priscilla? -- Dit is ook ŉ prokureur.

Is dit Priscilla Jana? -- Dit is korrek.

Dan Ismail Ayob, is dit ook ŉ prokureur? -- Dit is ook ŉ prokureur.

Bishop Tutu, lyk dit vir my, soos dit hier lyk, is in jou handskrif in die boekie ingeskryf. Kyk ŉ bietjie daarna? -- Nee, dit is nie my handskrif nie.

Dit is nie dieselfde as die boonstes nie? -- Ja, dit is verskillende handskrifte hierso.

As jy kyk na die handskrif wat ook ingeskryf het dié oor die "print T-shirts", dan lyk dit vir my dit is dieselfde handskrif? -- Dit is verskillende handskrifte wat hierso is.

Het u dikwels na Bishop Tutu toe geskakel? -- Nee, ek het op daardie stadium nog nie sy telefoonnommer geken nie.

Die Black Sash? -- Nee.

En hierdie Komphela, wat is dit? -- Dit is ŉ persoon wat woonagtig is in die swartwoongebied.

Waar? -- In die swartwoongebied.

En hierdie ander een Kgotliso? -- Dit is ook ŉ persoon se naam.

Van waar? Ons weet dit is ŉ persoon se naam? -- Van die swartwoongebied.

Is dit reg dat Paul Maluka, die Paul wie se naam hier in die boek verskyn, is dit van MASO? -- Nadat ek uit aanhouding gekom het, het ek vir Paul Maluka ontmoet.

HOF : Ja, maar is dit nou ŉ antwoord? Die vraag is, is hy ŉ lid van MASO? -- Ja, hy is ŉ lid van MASO.

MNR. JACOBS : Was hy ook lid van COSAS voodat COSAS verban is? -- Ek dra nie kennis daarvan nie.

En MASCO? Dit is Maokeng Students Congress? -- Ek dra

nie/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

nie kennis daarvan nie.

Is dit nie so nie dat op 26 Februarie 1985 was daar ŉ vergadering in die Trinity Kerksaal , Constantia, Seeisoville gereël en gehou deur MASO waar u teenwoordig was en die doel van daardie vergadering was juis gewees om hierdie Maokeng Youth Congress te stig? -- Nee, dit is nie so nie.

U was teenwoordig gewees? -- Ek was nie teenwoordig nie.

En is dit nie so nie dat hierdie MASO het later ontbind en toe het hulle hierdie Maokeng Youth Congress gekies in die plek daarvan? -- Nee, ek dra nie kennis daarvan nie.

Jy is mos ŉ man wat taamlik goed rondbeweeg daar in die woongebiede. Weet jy nie eers daarvan nie? -- Nee, ek dra nie kennis daarvan nie.

HOF : Is dit nou Maokeng Youth Congress?

MNR. JACOBS : Dit is korrek.

HOF : En dit word gespel as MASCO?

MNR. JACOBS : MASCO, ja. Students Congress. Maokeng Students Congress, ekskuus. Jy sê jy dra nie daarvan kennis dat Maokeng Students Congress to vir MASO vervang het nie? -- Ek dra nie kennis daarvan nie.

Het u enige pamflette namens UDF versprei in daardie Kroonstad se gebiede omtrent die MSC, die "million signature campaign"? -- Ek het van die pamflette gehad, maar ek het dit nie versprei nie.

Waar het u die pamflette gekry? -- As ek mooi onthou het ek dit by die kantore van UDF gaan haal.

Jy het hulle gaan haal. Hoekom? -- Dit was een van my besoeke aan Johannesburg.

Maar hoekom gaan haal jy die pamflette daar? Vir watter doel? -- Ek het by die kantoor gekom en die betrokke pamflette

gesien/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

gesien daar.

Hoeveel het jy daar weggevat? -- Ek is nie seker hoeveel ek daar weggeneem het nie.

Jy het hulle nou geneem daarso. Dit was seker geneem met die doel om dit te gaan versprei? -- Dit is korrek.

Hoekom het jy dit nie versprei nie? -- Ek het baie min tyd gehad om dit te versprei.

Selfs net in jou kafee kon jy dit daar versprei het sonder om tyd te mors? -- Daar is somtyds wat my winkel baie besig is, dan het ek nie tyd om pamflette te versprei nie.

Somtyds is hy nie baie besig nie, dan is daar genoeg tyd om dit te versprei? -- Dit is korrek.

Het jy dit toe versprei? -- Op daardie stadium was daar nie tyd om daardie pamflette te versprei nie.

Toe jy ook nie besig is nie, toe is daar ook nie tyd nie? -- Soos ek sê, toe ek die pamflette gehad het, was daar nie tyd om dit te versprei nie.

Ek wil dit aan u stel dat u het hierdie pamflette gaan versprei daar in daardie gebied? -- Soos ek sê, volgens my het ek nie die pamflette gaan versprei nie.

En ek wil dit ook aan u verder stel dat u was 'n COSAS raadgewer gewees daar en die mense, COSAS het baie in jou kafee kom vergadering hou? -- Ek weet nie van 'n tak van COSAS in Kroonstad nie.

Nooit gehoor van so 'n tak in Kroonstad nie? -- Ek sou gehoor het.

Of gehoor het dat daar mense is wat net verbind word aan COSAS in Kroonstad nie? -- Ek sou gehoor het as daar 'n COSAS tak was.

U het dit nooit gelees nie? -- Nooit nie.

Ken/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Ken u vir George Mokonana? -- Ek ken nie die persoon nie.

Het u ooit enigiets van COSAS gesien soos 'n grondwet of konstitusie daarvan? -- Nee.

Was daar nie 'n COSAS konstitusie in jou besit gevind nie? -- Nee.

Daar by die Dixie Kafee? -- Nee.

As ek vir jou nou 'n kwitansie kan laat kry waar geteken is dat die polisie so 'n dokument by jou op beslag gelê het wat sou jy sê? -- Ek weet dat daar nie so 'n pamflet by my gekry is nie.

Ek sal terugkom na daardie een toe. -- Goed.

Die UDF banier wat jy laat maak het, is dit een van hulle hierdie? -- Dit is korrek.

Ek sal net die bewoording op rekord sit. "Forward to people's power" groot in rooi geskryf bo oor die breedte van hierdie banier. Is dit reg? -- Ja.

HOF : Gee ons die breedte van die banier? Ongeveer 'n meter by 800cm.

MNR. JACOBS : Dan is daar die UDF teken, die logo, die wapen en dan onder staan Kroonstad Branch. Is dit reg? -- Dit is reg.

Is dit deur jou ontwerp? -- Ja, ek het dit so ontwerp

Hierdie "Forward to people's power", wat is die bedoeling daarvan en die betekenis daarvan? -- Volgens my, wat dit bedoel is dat ons moet vorentoe gaan na 'n mense regering toe.

Nie "people's government" nie, "people's power"? -- Al die mense van Suid-Afrika.

Vorentoe gaan dat die mense van Suid-Afrika moet die mag oorneem? -- Dit is nie die bedoeling daarvan nie.

Daar nooi jy die mense mos uit met daardie banier dat

hulle/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

hulle moet deelneem aan die vestiging van die mag van die mense? -- Nee, dit is nie die bedoeling nie. Dit staan ook nie daar op nie.

Hoekom spesifiek "people's power"? -- Ons glo - ek glo dat al die mense van Suid-Afrika moet verenig en daarom noem ons dit "people's power". Die mense se krag.

Is dit nie so nie dat wat jy glo en werk ook in daardie Vaalgebied is dat die mense moet die mag oorneem, daarom dat daar genoem word "people's power"? Hulle moet die mag in die land oorneem? -- Ek glo nie daaraan nie.

Ek wil u ook net na 'n ander dokument verwys in dié verband. Blykbaar het u gereeld SASPU Nationals in die hande gekry. Is dit reg? -- Nee.

Het u dit al ooit gesien? -- Ek het SASPU Nationals gesien.

Ek wil u verwys na die een BEWYSSTUK AAC55. Dit is die SASPU National van Maart 1985. Dit was van die dokumente wat by beskuldgide nr. 22 gekry was. Was u huis op enige stadium beskadig daar in die woongebied? -- Dit is korrek, my huis was.

Wanneer was dit? -- Dit was tydens my aanhouding dat my huis beskadig was.

Hoe was hy beskadig? -- Hy was met 'n petrolbom gegooi.

Kyk nou na daardie SASPU National wat u nou in u besit het. Dit is van Maart 1985 daar op bladsy 4 daardie foto daar heel bo, herken u daardie foto? -- Ja, ek sien die foto.

Is dit u wat hier op die regterhoek verskyn onder? -- Ek kan nie duidelik sien nie, want die foto is nie duidelik genoeg nie.

Erken u dit, dit is 'n foto van die begrafnis wat daar gehou was in Kroonstad? -- Ek kan dit nie erken nie, want

ek/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

ek ken nie duidelik sien wat hier aangaan nie.

En daar op daardie plakkaat staan "We are not fighting. Just to bury our hero. Yes to SRC."

HOF : Is dit ŉ plakkaat of ŉ doek of wat is dit?

MNR. JACOBS : Ek dink dit is ŉ plakkaat. Ek wil dit aan u stel dat dit is die foto wat geneem is by daardie begrafnis waar u was en daar staan "hero" en nie die woord wat u gebruik het nie? -- Volgens my stelling wat ek gemaak het, was dit "We are not fighting. We just to bury our brother."

HOF : In die lig van wat u hier sien, wil u u getuienis aanpas of bly u by u getuienis? -- Dit kan moontlik wees dat aan die ander kant van die banier iets anders geskryf is.

MNR. JACOBS : ŉ Mens maak mos nie ŉ banier met twee verskillende geskrifte op weerskante van hom nie? -- Dit is moontlik.

Goed, dit is ŉ moontlikheid, maar die banier wat op daardie begrafnis gebruik was, het hy twee kante geskrifte op gehad? -- Ja, volgens wat ek gelees het was daar nie "hero" geskryf nie. Daar was "brother" geskryf.

HOF : Nee die vraag was, was daar aan twee kante van die doek ŉ geskrif? -- Ja.

MNR. JACOBS : En het jy albei kante gelees? -- Ek het net een kant gelees.

HOF : Hoe kon u dan sien dat daar skrif aan die ander kant was? -- Want hier is ŉ ander banier wat ek nie ken nie.

MNR. JACOBS : Nee, maar dit is nie wat u gesê het nie. U het gesê u het gesien daar is op twee kante geskryf. -- Ja, dit is korrek. Dit aan albei kante gesien het.

As u dit aan albei kante gesien het, dan het u dit albei kante gelees? -- Ek kan nie onthou dat ek altwee kante gelees

het/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

het nie.

Ek wil op dieselfde bladsy u na 'n sekere passasie verwys. Daar staan voor die swart streep die derde paragraaf van onder af waar dit begin "In Kroonstad." -- Ja, ek sien dit.

"In Kroonstad COSAS and AZASO students from three high schools and the training college formed a joint organisation to fight for democratic SRC's." Wat sê u daarvan? Is dit verkeerd of nie? -- Ek dra nie kennis van COSAS en AZASO of enige ander organisasie in Kroonstad nie.

Die bevel van die landdros, het dit nie gesê ook daar mag nie enige baniere of plakkate of enigeits van die aard op daardie begrafnis wees nie? -- Nee.

Hmmm? -- Nee.

Wat het die bevel gesê? -- Wat ek vroeër in die hof gesê het was dat wat ek onthou is dat die kis nie gedra moet word nie, dat ons twee ure moet neem om die hele begrafnis klaar te maak en dat daar geen vryheidsliedere gesing moet word nie.

Was een van die bevele van die landdros of die reëlings van die landdros nie dat die liggaam nie vroeër as een uur voor die begrafnis vanaf die perseel van die begrafnisondernemers verwyder moet word nie en direk van daar dan na die huisadres waar die begrafnisdiens gehou word en vandaar na die begraafplaas toe nie? -- Ja.

Dit was een wat jy nie vir ons genoem het nie? -- Ja, soos ek gesê het kan ek nie almal onthou nie.

En toe was dit ook so dat die lykswa het die lyk gebring vanaf die begrafnisondernemers na die huis toe? -- Dit is nie so nie.

Hoe weet u? U het dan laat daar gekom? -- Die lyk

het/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

het voor die tyd daar aangekom. Die begrafnisondernemers is twee winkels van my winkel af.

HOF : Ek begryp u nie. Die bevel was dat dit mag nie langer as 'n uur voor die begrafnis van die lyksbesorger se perseel verwyder word nie. Dit is reg, nè? -- Ja.

Hoe het daardie lyk dan gekom by die huis van die oorledene? -- Die mense van die begrafnisondernemers het die lyk voor die tyd al geneem na die oorledene se huis toe.

Langer as een uur voor die begrafnis? -- Langer as een uur voor die begrafnis.

Hoe lank langer? -- Dit kan omtrent twee uur of 'n uur voor die tyd wees.

Met ander woorde, drie uur voor die begrafnis of twee uur voor die begrafnis? -- Dit is korrek.

MNR. JACOBS : So, dit was nie gedoen in ooreenstemming met die bevel nie? -- Ek glo en ek weet dat die begrafnisonernemers ook deur die polisie ingelig is volgens die reëls van die magistraat.

Jy antwoord nou nie my vraag nie., Die vraag is mos eenvoudig. Ja of nee? Daar is òf voldoen aan die reëls van die landdros òf daar is nie voldoen aan die reëls nie. -- (Getuie talm om te antwoord)

HOF : Wat is u antwoord? -- Ek kan nie nee sê nie en ek kan ook nie ja sê nie. Ek het 'n verduideliking hier voor.

MNR. JACOBS : Ek het nou die oorspronklike van AAC55. Ek wil dit aan jou toon en ek wil dit aan jou stel dit is u wat hier so staan? -- Ek wil vra hoe is die hof seker dat dit ek is wat daar staan?

HOF : Wel, as u vir my 'n vraag wil vra, moet u eers vir my daardie koerant gee? (Hof kyk na dokument) Ek wil sê dit

lyk/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

lyk soos u en dit sal vir my makliker wees om dit te sê as uself, want u het uself nog nooit uit daardie hoek bekyk nie.

MNR. JACOBS : Stem u saam dit is u? -- Ek is nie seker dat dit ek is nie.

MR BIZOS ASKS PERMISSION FOR ACCUSED NO. 9 TO BE EXCUSED.

MNR. JACOBS : U sien, 'n verdere reëling van die landdros in sy bevel was dat geen vlae, baniere, plakkate, aanplak-etikette of pamflette tydens die begrafnisseremonie of daarna op die hele begranisseremonie vertoon word nie. -- Ek dra nie kennis daarvan nie.

Maar u het mos 'n afskrif gekry as ek u getuienis verstaan het? -- Ekskuus?

U het mos een van die bevele van die landdros gehad? -- Het ek dit gehad?

Soos ek u getuienis verstaan het het u gesê op 'n stadium het u ook so 'n bevel gehad van daardie begrafnis? -- Ek het dit voorgelees.

HOF : Laat ons nou net duidelikheid kry, is ons besig met die begrafnis van die 18de?

MNR. JACOBS : Dit is reg.

HOF : 28 Februarie 1985?

MNR. JACOBS : Dit is reg.

HOF : Ek het verstaan dat beskuldigde nr. 20 voorgelees het daar?

MNR. JACOBS : Nee, maar ek sê hy het een gehad. Dit is hy wat sê dat hy dit voorgelees het.

HOF : Wat sê u? -- Ek dink daar is 'n onduidelikheid. Beskuldigde nr. 20 het die begrafnis van die 18de dit voorgelees.

MNR. JACOBS/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

MNR. JACOBS : Maar het u nie ook 'n kopie daarvan gehad nie? -- Die polisie het 'n kopie vir my gebring.

Ja, dit is wat ek in u getuienis verstaan het, dat ons nou so sukkel. Ek het nie gevra of jy dit voorgelees het nie. U het een gehad? -- Ek het nog nooit gesê dat ek een in besit gehad het nie.

Het u nie 'n kopie gehad nie? -- Ek het een gehad.

En u het dit tog seker gelees, want u is die man wat die begrafnis gereël het? -- Ek het vlugtig daar deur gegaan.

Hier word nou spesifieke reëls vasgelê hoe dat daardie begrafnis gereël moet word, u word gevra om daardie begrafnis te reël en u gaan dit net vlugtig deur? -- Ek het aangeneem dat die oorledene se familie ook so 'n bevel gaan kry van die landdros af.

Maar u moes tog die mense leiding gee op die begrafnis hoe moet hulle doen. U moes tog die reëlings tref in verband met die lyk. U moes tog al daardie dinge doen, is dit nie? -- Dit is presies wat ek gedoen het.

Volgens die bevel van die landdros? -- Dit is presies.

Dan het u hom nie net vlugtig gelees nie, dan het u dit noukeurig gelees om te sien dat die mense voldoen daaraan? -- Toe ek hierdie dokument kry, het ek gekyk daarna en die polisie het vir my gesê dat hulle dit ook aan die oorledene se mense dit gaan oorhandig.

In elk geval, u het dit gelees, dit is tog 'n feit. Dan het u mos gesien daar mag nie vlae en baniere of plakkate tydens daardie begrafnis gedra word nie? -- Ek het dit nie stap vir stap deurgegaan nie.

Stem u saam hier is 'n banier wat direk in botsing is met die landdros se bevel? -- Ek glo nie dat dit in botsing

is/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

is met die landdros se bevel nie.

Hoekom sê u so? -- As daar enigiets onwettigs op die banier geskryf was.

Het die landdros se bevel nie bepaal dat daar geen baniere moet wees nie? -- Ek neem so aan.

So, as daar dan baniere is, dan is dit ŉ oortreding van die bevel? -- U kan self seker verstaan dat daar duisende mense is en dat dit baie moeilik is om so ŉ groot getal mense weg te hou om nie iets te doen nie.

Maar u kon mos daardie banier daar gesien het en gesê het "Maar vat daardie ding weg." Of u kon dit vir die mense ook voor die tyd gesê het "Geen baniere nie"? -- Ek dink dit was een van die reëls wat aan die begrafnisgangers verduidelik was.

Is dit reg dat hierdie selfde reëls het ook gegeld vir altwee die ander begrafnisse? -- Soortgelyk.

Ook dat daar nie baniere moes wees nie? -- Soortgelyk. Ek is nie seker wat op die ander regulasies gestaan het nie.

Maar u het ook mos kopieë gekry van die ander? -- Dit is korrek.

So, met al drie begrafnisse het u ŉ bevel gehad van die landdros? -- Dit is korrek.

Ek stel dit aan u in albei gevalle, ons kan maklik dit kry by die landdros, afskrifte kry, was dit bepaal gewees dat daar geen baniere en vlae moes wees nie? -- Soos ek sê - of laat ek dit liewers so stel. Dat daar nie so ŉ reël was nie.

<u>HOF</u> : Nee, nou verstaan ek u nie. Sê u dit was nie deel van die landdros se bevel nie of sê u dit was deel van die landdros se bevel? -- Dit was nie deel van die landdros se

bevel/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

bevel nie.

MNR. JACOBS : Maar by al daardie ander begrafnisse was daar wel baniere op gewees? -- Ek is nie seker of daar baniere was of nie.

Ek wil verder gaan dat 'n verdere reëling wat die landdros in sy bevel vasgelê het was dat daar ook nie vryheidsliedere of liedere gesing word terwyl ... (Mnr. Krugel kom tussenbei)

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Gaan u nou weg van die banier af?

MNR. JACOBS : Dit is reg.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : En die foto?

MNR. JACOBS : Ek is nog by die landdros se bevele, maar met die baniere is ek op die oomblik klaar.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Kan ons miskien net 'n vraag op hierdie oomblik vra. Sal u omgee om net na daardie pilaar te kyk, omdraai asseblief. Nog 'n bietjie meer. Dankie.

HOF : Ja, dankie, ons wil nie verder gaan as om te sê dit lyk soos u nie. Ons kan nie sê dit is u op die foto nie.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Nog net een observasie. Stem u saam dat die persoon wat soos u lyk kyk na die rigting van die banier waarop staan "We are not fighting. Just to bury our hero"? -- Ja.

HOF : Was u by die kis toe die kis op die bakkie gelaai is? -- Ja.

In die omgewing? -- Ja, ek was in die omgewing.

Want as ek na daardie foto kyk wil dit vir my voorkom asof die foto geneem is baie naby aan die huise en dan kan dit eintlik net geneem gewees het by die huis toe die kis op die bakkie gelaai is. Kyk net 'n bietjie na daardie foto. Op die agtergrond van die foto kan u die huis sien en dan

die/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

die hele skare mense en dan die kis. Die enigste geleentheid by die begrafnis waar ŉ mens dit gehad het waarskynlik was toe dit die begin van die begrafnis was? -- Nee, ek sal nie saamstem nie. Volgens my is dit op die begraafplaas.

Hoekom sê u so? -- By die huis van die oorledene is daar nie ŉ oop vlakte nie en hier is dit by ŉ oop vlakte.

Waar sien u die oop vlakte? -- Net langs die huis.

U meen aan die regterkant? -- Aan die regterkant.

MNR. JACOBS : Was daarso enige bepaling gewees, kan u onthou, dat daar geen liedere of vryheidsliedere gesing mag word terwyl die stoet beweeg nie? -- Dit was geskryf dat ons geen vryheidsliedere moet sing nie.

En toe sing die skare Senzeni na? -- Ja.

Het julle hulle nie gestop en gesê die mense mag dit nie doen nie? -- Ek glo nie dat dit ŉ vryheidslied is nie.

Wat is gesê in die bevel omtrent slagspreuke? -- Dat daar nie slagspreuke geskreeu moet word nie.

Kan u onthou dat daar ook bepaal is dat na die verrigtinge by die graf klaar was, afgehandel was, dan moet die mense sonder versuim die begraafplaas verlaat? -- Ek is nie seker daarvan nie.

En dat daar geen optoge en/of geen groepe, byeenkomste of dergelike verbandhoudende ander samekomste na die begrafnis gehou mag word nie. Is dit reg? -- Dit is korrek.

Selfs ook nie eers by die huis met die hande was nie. Dit was verbied? -- Dit was nie ŉ samekoms nie.

Jy het mos netnou vir die hof vertel hoe baie was die mense wat daar in die strate by daardie geleenthede saamgedrom het? -- Dit was met die doel om die hande te gaan was.

Maar dit is nog ŉ byeenkoms en ŉ samekoms en hier is

dit/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

dit verbied vir enige doel? -- Ek glo nie dat dit 'n samekoms was nie.

Dit is jou interpretasie. Die kwessie wat u nou sê en die vreeslike aantygings teen majoor Kruger gemaak. Laat ons so 'n bietjie daarna kyk. Kaptein Heystek, waar is sy kantore? -- Kaptein Heystek is gestasioneer op Kroonstad.

Wie het u verklaring of wat u dit ook al wil noem, ek weet nie hoe om dit anders te noem nie, u is ondervra en u antwoorde is neergeskryf. Wie het dit gedoen? -- Op daardie stadium op Groenpunt to kaptein Kruger teenwoordig was, was daar nie afgeskryf nie.

Nee, ek praat nie van daar nie. Ek praat van voor dit. -- Voor dit in Kroonstad het adjudant Landman.

Het hy 'n entjie aangegaan en het kaptein Heystek toe oorgeneem? -- Ja, dit is korrek.

Is dit daar in jou teenwoordigheid neergeskryf, dit is gesê, dan skryf hulle neer en dan vra hulle weer en dan gaan hulle aan op hierdie wyse? -- Dit is korrek.

In hierdie verklaring, ons noem dit maar 'n verklaring in hakies. -- Ja.

MNR. BIZOS : Notas sal die korrekte woord wees.

HOF : Ja, 'n mens kan ook 'n baie populêre woord gebruik en dit 'n sogenaamde verklaring noem.

MNR. BIZOS : Ja, of notas.

MNR. JACOBS : Kom ons noem dit notas as dit jou tevrede sal stel. Die notas, is dit in paragrawe opgedeel, elke keer as jy klaar is, is 'n volgende paragraaf geskryf en dan weer verder gegaan?

HOF : Is dit genommerde paragrawe of nie genommerde paragrawe nie?

MNR. JACOBS/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

MNR. JACOBS : Genommerde paragrawe. -- Ek dra geen kennis hoe dit opgestel is nie.

Maar is dit nie opgestel daar terwyl jy regoor die persoon gesit het wat dit gedoen het nie? -- Nee.

Hoe dan nou? -- Ek het in die kamer gesit en die adjudant het my vrae gestel. Hy het by ŉ tafel gesit en geskryf.

Was julle in dieselfde kamer? -- Ons was in dieselfde kamer.

Was julle oorkant mekaar van die tafel? -- Ons was oorkant mekaar. Ek het nie naby die tafel gesit nie. Ek het ŉ distansie van die tafel af gesit.

Het jy gesien daar as hy jou vrae vra dat hy skryf? -- Dit is korrek.

En kon jy sien dat hy dit nommer in paragrawe? -- Nee, ek kon dit nie gesien het nie.

Kon jy sien dat dit ŉ redelike dik stuk was nadat dit eintlik klaar was? -- Ja.

Seker omtrent vyftien na twintig bladsye? -- Ek is nie seker nie.

Was dit taamlik dik gewees? -- Ja.

Was dit los blaaie gewees of was dit in ŉ boek soos hierdie een wat op die bopunt vas is? -- Dit was so, maar los bladsye.

HOF : Het hy hulle uitgeskeur soos hy vorder? -- Ja, dit is korrek.

MNR. JACOBS : Is dit reg dat op die end het hy vir u gevra om dit te teken? -- Hy het niks vir my gevra om te teken nie.

Het hy nie gevra "Teken hierdie ding vir my" nie? -- Toe hy klaar geskryf het, het hy na ŉ ander kantoor toe gegaan, die kantoor van kaptein Heystek en ek het gesit in

daardie/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

daardie kantoor.

Ek verstaan dan van u, aanvanklik het die een persoon geskryf en toe het kaptein Heystek oorgeneem en die ding verder geskryf? -- Nee, dit is nie so nie. Adjudant Landman het die skryfwerk gedoen en nadat hy klaar was, het hy uitgestap uit daardie kantoor uit in kaptein Heystek se kantoor.

Wanneer het kaptein Heystek dit dan geskryf? -- Ek weet nie of kaptein Heystek daar geskryf het en of hy nie geskryf het nie. Hulle het my net ingeroep in die kantoor en vir my gesê dat ek moet teken.

Is dit nie so dat hierdie stuk wat geskryf is, het 'n paar dae geneem om te skryf nie? 'n Baie lang tyd geneem in elk geval? -- Nee.

Hoeveel dae? -- Ek het die oggend - hulle het my van die polisiestasie af gaan haal na die kantore toe en die oggend het hulle begin net my en teen 16h00, 17h00 was hulle klaar.

So, dit het die hele dag gevat om daardie stuk te skryf? -- Dit is korrek.

Eienaardig genoeg het jy nou weer gesê toe was "hulle" klaar. Wie is nou die hulle wat klaar was? -- Dit was nou kaptein Heystek en die persoon, adjudant Landman.

So, het kaptein Heystek dan ook geskryf? -- Soos ek reeds gesê het, kaptein Heystek het betrokke geraak met die tekenry van die notas.

So, kaptein Heystek het u dan gevra om die notas te teken? -- Kaptein Heystek het my gevra om die notas te teken.

En u het toe geweier? -- Ek het geweier.

Is dit nie so nie en ek wil weer wat ek aanvanklik aan u gestel het en wat u netnou bevestig het, aanvanklik het mnr. Landman geskryf, ook nie baie lank nie en toe het

kaptein/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

kaptein Heystek oorgeneem en die res van daardie ding geskryf soos hy u ondervra het tot die end? -- Nee, kaptein het my K1179 nooit ondervra nie. Die ondervraging het geskied deur adjudant Landman.

Waarvoor was jy ondervra gewees? -- Ek was ondervra omtrent die onrus wat in Kroonstad aangegaan het.

Was u ondervra oor die begrafnisse? -- Ek was ondervra oor die begrafnisse.

Al drie van hulle? -- Al drie van hulle.

En het u inligting verskaf daaroor? -- Ek het gepraat van my betrokkenheid daar.

En ook ander mense se betrokkenheid? -- Ek het van my self gepraat.

Het u ook ander mense se betrokkenheid genoem? -- Nee.

Het u nooit die betrokkenheid van beskuldigde nr. 20 genoem byvoorbeeld dat hy ook daar was nie? -- Ek het dit genoem.

En dat u hom genooi het nie? -- Dat ek hom genooi het, dit het ek genoem.

Het hierdie notas nie gegaan in die tyd toe u skool gegaan het en na u skool gegaan het nie? -- Ek het nie die verklaring gelees nie.

Nee, maar die ondervraging, het dit nie daar al begin nie? -- Die ondervraging het nie daar begin nie.

En vir jou gevra om die geskiedenis te gee nadat jy uit die skool gekom het, waar jy gewerk het en so aan? -- Nee. Die ondervraging het nie daar begin nie.

Van al drie, u sê u was oor al drie die begrafnisse inligting gevra. -- Dit is korrek.

En u het oor al drie gegee? -- Ja.

Was/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Was u gevra oor inligting omtrent die 11de se gebeure? -- Ek is nie seker daarvan nie.

Was u gevra en het u inligting gegee oor pamflette en sulke tipe van dinge? -- Wat se pamflette?

UDF pamflette? -- Ek is nie seker daarvan nie.

Was u gevra van aktiwiteite van organisasies en UDF daar in Kroonstad met die onluste? -- Dit is korrek.

En u het daar ŉ hele klomp inligting vir die polisie gegee? -- Ek het glad niks inligting vir die polisie gegee nie.

Met ander woorde, moet die hof dan verstaan dat toe u ondervra is oor die drie begrafnisse het u gesê "Ek weet niks nie"? -- Ek het nou gesê dat ek gepraat het wat ek geken het en nie wat ek gehoor het nie.

Ek het nie vir jou gevra of jy gepraat het wat jy gehoor het nie. Ek sê het u inligting gegee? -- Dit is korrek.

U sien, want ek wil dit aan u stel - net voor ek daar kom. By Groenpunt waar u aangehou was, dit is in ŉ gevangenis. Is dit reg? -- Dit is reg.

En daar as die mense met jou kom praat, dan praat hulle deur die gleuf. Jy is aan die een kant van die gleuf en die persoon wat met jou praat is aan die ander kant? -- Dit is ŉ ander storie, ŉ ander geval, dat as die polisie daar kom kry julle ŉ kantoor om te praat. As my familie my kom besoek dan moet ons deur ŉ gleuf praat.

En is dit nie so dat kaptein Kruger het vir jou gevra om getuienis te gee volgens hierdie, wat jy nie nou ŉ verklaring wil noem nie, stuk wat opgestel was toe jy ondervra word om dit wat jy daar gesê het te kom sê in die hof? -- Ek ontken dit. Kaptein Kruger het nog nooit vir my dit gesê nie.

Hy/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Hy het ook nie ŉ bladsy wat op geskryf was vir my gewys nie.

Was dit nie daar vir jou gevra om daardie getuienis te lewer nie? -- Nee. Soos ek reeds aan die hof gesê het, het kaptein Kruger vir my gesê dat ek nie bekommerd moet wees nie.

As jy getuienis gee volgens daardie stuk wat hy by hom gehad het en wat jou uiteensetting was van wat gebeur het? -- Nee.

Dit is wat ek aan u stel wat gebeur het. Dit is reg? Hy het jou genader om te hoor of jy gewillig is om getuienis te gee volgens die stuk wat opgestel was? -- Ek dink ek het die hof met alle eerlikheid vertel wat het op 17 Julie 1985 gebeur tussen my en kaptein Kruger.

En ek wil dit ook verder aan jou stel dat majoor Kruger het jou ook nie belowe jy gaan vrygelaat word nie, hy het jou belowe indien jy getuienis gee en getuienis gee tot bevrediging van die hof, sal daar ander klagtes wat op daardie stadium teen jou ondersoek word nie verder gevoer word nie? -- Dit was nog nooit so nie. Kaptein Kruger het ŉ antwoord vir my gemaak, as ek inwillig om te gaan getuig teen mnr. Lekota, dan gaan ek vrygelaat word.

En ek wil dit ook aan u stel, dit is nie net ŉ aanbod wat gemaak is om te getuig teen mnr. Lekota nie, maar om te getuig in die saak van die gebeure wat plaasgevind het in Kroonstad? -- Dit is glad nie so nie.

En van die onrus in Kroonstad? -- Dit is nie glad nie so nie.

Ek het hier ŉ stuk wat opgestel is en miskien kan jy vir my sê of dit reg is en of dit die stuk is. Deur mnr.

Lategan/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Lategan en toe die res van hom deur kaptein Heystek geskryf was. Landman, nie Lategan nie.

MR BIZOS : If the witness said that he did not see the document and that he did not sign it, on what basis can it be referred to?

MNR. JACOBS : Op die basis van die inhoud. As hy dit ontken dan los ek dit uit. As hy sê dit is inligting wat hy gegee het dan kan ek dit seker vir hom vra.

HOF : U kan sekerlik dit aan hom voorlê. Ek wil die inhoud nie hoor nie, mnr. Bizos, totdat die getuie daarna gekyk het.

MR BIZOS : Then he should be given an opportunity to see it and .. (Court intervenes)

COURT : That is exactly what Mr Jacobs proposes to do it seems to me?

MR BIZOS : No, without showing it to him he intends reading portions to him. That is how I understood him.

COURT : That is not how I understood it.

MNR. JACOBS : Ek gee nou aan u 'n stuk wat opgestel is wat beweer word die verhaal is wat jy vertel het aan eers Landman en toe aan Heystek. Kyk daarna, kyk na die inhoud. Is dit die inhoud en stukke wat u vir hom gegee het? -- Nee. Ek dink die dokument is opgestel met die kennis wat die veiligheidspolisie van my af weet.

Wat bedoel u daarmee? -- Hierdie persone het my keer op keer ondervra en keer op keer besoek.

So, sê jy dat heirdie dokument is opgestel - met ander woorde hierdie dokument weerspieël dan die regte kennis wat die veiligheidspolisie van jou het? -- Nee.

Dit is wat jy dan nou sê? Dit is opgestel met die

kennis/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

kennis wat die veiligheidspolisie van jou het? -- Daar is dinge waarmee ek nie saamstem nie en as die polisie dit vir my die dag gegee het om te lees, dan was ek seker dit was dit wat daarop geskryf was.

Was u nie 'n geleentheid gebied om dit te lees nie? -- Ek was nie 'n geleentheid - ek moes net geteken het.

Wanneer moes jy dit geteken het? -- Toe hulle my roep na kaptein Heystek se kantoor toe moes ek dit gaan teken het.

Is dit nou die dag toe jy dit geskryf het? -- Die dag toe dit geskryf was.

So, met ander woorde, nou het die polisie daardie tyd al valse inligting begin insit in verklarings wat jy daardie tyd geskryf het? -- Ek neem so aan, want waarom was dit nie vir my voorgelees of dat ek dit moet lees nie?

Maar die geleentheid was jou gebied gewees om dit te teken en jy het geweier om te teken en dit is ook so aangeteken. Jy is nie eers gedwing om te teken nie? -- Ek was nie aangebied om dit te lees nie.

Jy sien, ek stel dit aan u dat hierdie aantygings wat u teen majoor Kruger kom maak het in die hof is 'n lot valse aantygings, hy het nooit vir jou gesê hy sal 'n verklaring skryf en jy moet dit net teken nie. Dit is vals? -- Ek staan op my woord dat dit die waarheid is.

En hy het vir jou net gevra of jy bereid sal wees om getuienis te gee volgens hierdie stuk wat tot sy kennis gekom het op 'n stadium en of jy bereid is om daardie getuienis te gee. Dit is wat hy vir jou gevra het. -- Ek stem nie saam daarmee nie. Dit wat ek gesê het van kaptein Kruger is die waarheid.

En ek stel dit aan jou verder dat hierdie storie

dat/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

dat kaptein Heystek en adjudant Landman valse getuienis in die stuk van jou gaan insit het, is ook net so 'n leuen? -- Ek glo daaraan dat dit nie die waarheid is wat op daardie dokument staan nie.

En stem u ook saam dat die stuk wat opgestel is wat jy nou sê wat hulle vervals het en valse inligting in skryf is maande voor majoor Kruger jou kom sien het reeds geskryf? -- Nee.

Wanneer is dit dan geskryf? -- Ek was op 17 Junie verplaas na Groenpunt en 17 Julie het hulle my kom besoek.

Maar ek vra die geskryf van die stuk wat u nou-nou die geleentheid hier in die hof gehad het om dit te lees, toe dit geskryf was, toe was jy nog op Kroonstad gewees, nè? -- Dit is korrek.

En dit was maande voor majoor Kruger na jou toe gekom het? -- Ek stem nie saam dat dit maande was nie.

Hoe lank was dit gewees voor dit? -- Ek kan nie onthou nie, maar dit was nie maande nie. Dit was voordat ek Groenpunt toe verplaas was.

Was hierdie skrywery van hierdie stuk nie geneem kort nadat jy gearresteer was of aangehou was in terme van artikel 29 nie? -- Nee.

Dit is mos wat gebeur. Jy word mos ondervra kort na dit in terme van artikel 29? -- Ek het in die sel gelê vir 'n lang tyd voordat die polisie my kom ondervra het.

Wat is 'n lang tyd? -- Omtrent 'n maand, twee maande.

Kan u net vir ons sê jy het mos vir die hof gesê dat jy was die man wat al die reëlings getref het vir die begrafnisse? -- Ek het gesê dat ek gehelp het met die reëlings.

O, jy was nie gevra om die reëlings te tref nie, al

die/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

die reëlings te tref nie? -- Ek het gesê dat ek gevra was om te help.

Wie was in beheer van al die reëlings dan gewees van die begrafnis van 27 Februarie 1985? -- Die familie van die oorledene was verantwoordelik. Ek het net hulp verleen aan die familie.

Maar het jy nie die reëlings gaan tref nie? -- Ek het onder geen omstandighede reëlings getref nie.

So, jy het niks reëlings getref nie? -- Soos ek nou reeds gesê het, ek het gehelp met reëlings tref. Dit is nie dat ek nie reëlings getref het nie.

In watter opsig en watter reëlings het jy getref? -- Ek het saam met een of twee van die familielede gegaan van winkel tot winkel om benodigdhede te kry. Ek was self ook by die begrafnisondernemers om te gaan reël vir 'n kis en 'n voertuig.

Nog? -- Ek dink dit is al wat ek kan onthou.

Het jy gereël vir die TV-mense om daardie begrafnis by te woon? -- Die TV-mense?

Ja? -- Nee, ek dra nie kennis daarvan nie.

Was daar nie TV-mense nie? -- Daar was TV-mense teendig.

Wat het hulle daar kom maak? Wie het dit gereël? -- Ek weet nie wie het dit gereël nie, maar ek het hulle opgemerk daar.

As ek u getuienis reg verstaan het dan was daar by hierdie begrafnis ook 'n geweldige klomp motors? -- Ek het nog nooit in my verklaring gesê dat daar 'n geweldige klomp motors was nie.

Kan jy vir ons sê hoeveel motors was daar? Ek het gedog daar was so baie gewees, omtrent die helfte van die mense

het/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

het geloop en die helfte het gery? -- Dit is ŉ gewoonte dat ŉ mens nie begrafnis toe gaan om motors te tel nie.

Nee, maar is dit reg so? Die helfte van die mense het geloop en die helfte het omtrent gery? -- Dit is presies wat gebeur het.

So, daar het omtrent vierduisend mense gery? -- Ek sal nie so sê nie.

Dan moes daar ten minste omtrent ŉ duisend motors gewees het? -- Sommige van die mense ry alleen in hulle motors, sommige laai mense op.

So, dit lyk my dan moes daar eintlik duisend plus motors gewees het? -- Ek sal nie so sê nie. Ek kan nie skat hoeveel motors daar was nie.

Want dit is vir my so eienaardig dat u hierdie spesiale wit TV-motor van die - die TV se motor, daardie wit Audi so spesifiek kan onthou? -- Want ek het opgelet dat hierdie mense kameras uithaal uit die "boot" van hulle kar.

Is dit nie so dat daar was verskillende ander wit Audi's ook gewees nie? -- Nie sover ek gesien het nie.

En die een wat jy van kennis gedra het en waaruit daar petrolbomme gehaal was? -- Dit is ŉ bewering wat deur die polisie gemaak is dat daar petrolbomme versprei was en ek ontken dat ek nooit petrolbomme gesien het nie.

Kan jy onthou dat die polisie se huise daardie selfde dag aangeval is met petrolbomme? -- Ek het die volgende oggend gehoor dat huise gebrand is.

Met petrolbomme? -- Ek het nie gehoor met wat is hulle gebrand nie.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Kan ons net duidelikheid kry wat u sê. As u sê "ek ontken dat ek nooit petrolbomme gesien het

nie/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

nie. Bedoel u dan dat u nooit petrolbomme gesien het nie of bedoel u dat u dit wel gesien het maar dat u - wat bedoel u? -- Ek het nog nooit 'n petrolbom gesien nie.

MNR. JACOBS : In die swartwoongebied Seeisoville of Maokeng, was daar agitasie gewees teen die swartstadsraadslede? -- Volgens my kennis was daar nie.

Was swartstadsraadslede se besighede verbrand? -- Sover ek weet was dit nie so nie.

Was swartstadsraadslede se eiendomme beskadig, hulle huise? -- Sover ek weet was daar nie.

Weet u nie eers dat die burgemeester van daardie gebied Seeisoville se huis met klippe gegooi was nie? -- Ek dra nie kennis daarvan nie.

Ook nie eers gehoor daarvan nie? -- Ek het nie gehoor daarvan nie.

Dit is snaaks. U het nie gehoor dat sy motor aan die brand gesteek is nie? -- Nee.

Jy het nie gehoor dat sy motor omgegooi was, dat sy Kombi omgegooi was nie? -- Nee.

Het jy kennis daarvan gedra dat raadseiendom beskadig was? -- Nee, ek dra nie kennis daarvan nie.

Het jy nie gehoor dat daar trekkers uitgebrand is van die raad nie? -- Wat ek wel gehoor het was net dat daar onrus in die swartwoongebied gebeur.

Het jy nie gehoor wat beskadig was nie? -- Ek het nie belang gestel daarin nie.

Behalwe in die polisie se huise? -- Ek het nie belang gestel nie in alles.

Wil u nou regtig hê die hof moet glo u het nie belang gestel in onluste en wat daar gebeur nie, terwyl mense

daardeur/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

daardeur gedood en beseer was nie? -- Die enigste ding waarin ek belang gestel het was om die betrokke persone wat om hulp by my kom aanklop het te help. Dit het ek belang gestel in.

Weet u hoe dit dan gebeur het dat daardie raadslede bedank het? -- Tot vandag weet ek nie hoe dit gebeur het nie.

U sien, ek wil u ook net verwys na 'n bewysstuk in hierdie saak W68. Dit is in volume 11. Daar staan op die eerste bladsy, dit is The Eye van Maart 1985 ... -- Kan ek net iets verduidelik. Iets val my nou by. Een van die raadslede het my vertel dat die rede waarom hy bedank het was dat hulle in hulle komitee self nie saamstem nie. Daar is geskille onder hulle self en daarom het hulle gevoel - daarom het hy gevoel om te bedank.

Jy sien, hierdie dokument wat uitgegee is stel dit so "In Seeisoville, Kroonstad, in the Orange Free State four councillors have resigned after the residents put pressure ... "(Hof kom tussenbei)

HOF : Op watter bladsy is u?

MNR. JACOBS : Dit is bladsy 1 van BEWYSSTUK W68. "We do not pay" en dan sien jy die eerste kolom, dan die derde paragraaf "In Seeisoville, Kroonstad, in the Orange Free State four councillors have resigned after the residents put pressure on them to do so." Wat sê u daarvan? -- Ek stem nie saam met hierdie verslag nie.

HOF : Wat was u eie standpunt oor plaaslike bestuur? -- Tydens my aanhouding was ek self - het ek self gedien op 'n bestuurskomitee in Brentpark.

Dit is nou voor u aanhouding? -- Dit is voor my aanhouding.

Na u aanhouding? -- Was daar tussentyd 'n verkiesing.

En u het uitgeval? -- Ek het uitgeval.

Of/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Of nie gestaan nie? -- Ek het uitgeval, want ek was nie daar nie.

MNR. JACOBS : Ek wil dit aan u sê hierdie dokument "State of the nation" soos hy hier is was gevind in u besit. Is dit reg? -- Ja, ek stem saam.

HOF : Wat is die besonderhede van The State of the Nation?

MNR. JACOBS : Ek sal dit nou kry. Die dokument, al wat ons het van hom is hy begin by bladsy 5, maar dit is "The State of the Nation." Dit is ŉ "situation report" blykbaar verslae reg oor die land.

HOF : Wat is die datum? (10)

MNR. JACOBS : Ongelukkig het hy nie ŉ datum op nie. Ek het probeer om dit te kry, maar ek kon dit nie kry nie. Sy voorblaaie is weg met die datum op, maar op bladsy 11 - ek wil dit net eers by u kry, het u hierdie dokument gelees "The situation report"? -- Nee, ek het dit nie gelees nie.

Op bladsy 11 verskyn u darem. U het dit seker gelees? -- Ja, hierdie het ek gelees.

En daardie oor die Vrystaat het u seker ook gelees? -- Nie die hele verslag nie. (20)

Hoekom dan nie? Wat maak u met hom as u hom nie lees nie? -- Ek het baie min tyd om aan koerante of enige ander ding - ek werk in my winkel.

Ek wil net vir u een deeltjie daar uithaal uit dieselfde dokument wat in jou besit was en wat jy daar gehad het en dit lees. Miskien hoef ons dit nie in te handig nie. Dit is in hierdie opskrif "Pensioners forced to shop" en dan in die tweede kolom daar, langs dit verskyn ŉ foto van u "UDF's Dennis Bloem released from detention"? -- Dit is korrek.

Ek lees net hierdie twee paragrawe "Residents called (30)

a/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

a consumer boycott for Monday 16th and Tuesday 17th September demanding that all councillors and black policemen resign immediately and calling for the unconditional release of Nelson Mandela and all other political prisoners. Pamphlets were distributed in the area on the Sunday before the boycott. That night the homes of local community leaders were searched by the security police who demanded to know who was behind the pamphlets. Early the next morning Samuel Mothujoa ... " Ek kan miskien net vir jou vra, ken jy hierdie persoon Samuel Mothujoa? -- Nee, ek ken nie die persoon nie.

"Who had been the COSAS secretary in the area was detained and the police and South African Defence Force moved into the township." Die dokument het jy gelees en jy het tog sekerlik daar gelees dat daar was 'n COSAS in Kroonstad in Seeisoville? -- Dit was net nadat ek van aanhouding af gekom het.

Het u dit gelees ... -- Soos ek gesê het, ek het nie die koerant gelees nie.

HOF : Watter tyd was dit? -- As ek mooi onthou was dit Septembermaand se koerante.

Septembermaand van watter jaar? -- 1985.

MNR. JACOBS : Veral vir 'n man wat so intens belang stel in politiek soos u, dan as jy uitkom sal jy juis daardie goed veral lees? -- Reg. Soos ek voorheen gesê het was my winkel in puin en ek moes alles van onder af begin en as ek twee minute of drie minute gehad het om stil te sit, dan is dit baie.

HOF : As u sê in puin, bedoel u letterlik of figuurlik? Bedoel u u besigheid het plat geval as gevolg van die feit dat u nie daar was nie of bedoel u dat die ding in mekaar

gestort/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

gestort het fisies, al die klippe op mekaar, al die bakstene op mekaar? -- Nee, ek bedoel dat my besigheid se voorraad en alles was nie meer normaal nie.

MNR. JACOBS : Ek stel dit aan u, u sou nie daardie dokument gehou het as u hom nie gelees het nie en dat u daarin gelees het dat daar COSAS mense in Seeisoville is? -- Die rede waarom ek hom gehou het was dat as ek tyd kry sal ek deur die betrokke dokument gaan.

Tot vandag toe of tot die polisie dit by u gekry het, het u hom nooit gelees nie? -- Wanneer het die polisie dit by my gevind?

HOF : Ons sal dit môre uitpluis.

HOF VERDAAG TOT 26 FEBRUARIE 1988.

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.